# Afrikaanse Klank- en Sinverwante Woorde

(Sinonieme, Homonieme en Paronieme)

deur

O. VAN OOSTRUM, O.I.

en

J. H. RADEMEYER, M.A.

J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA.

439.364

VAN

# AFRIKAANSE KLANK- EN SINVERWANTE WOORDE

(Sinonieme, Homonieme en Paronieme)

deur

O. VAN OOSTRUM, O.I.

*Oud-dosent aan die Normaalskool, Pretoria*

en

J. H. RADEMEYER, M.A.

*Onderwyser aan die Afrikaans-medium-Hoërskool, Pretoria.*

Uitgewers J. L. VAN SCHAIK, BPK., PRETORIA.
1929.

# VOORBERIG.

Daar word gesê dat slordigheid van taal 'n gevolg is van slordig dink. Ons glo nie dat dit heeltemal waar is nie; in daardie gesegde is een belangrike premis vergeet, nl. dat die spreker 'n regte kennis moet hê van die betekenis van die woorde wat hy gebruik. As die spreker, om maar iets te noem, by die woord *gesag* dieselfde dink as wat ander mense dink by die woord *ontsag*, dan sal hy b.v. sê: *"Die offisier het die oproermakers deur sy houding gesag ingeboesem"* (hierdie uitdrukking het ons uit 'n koerant oorgeneem), en vir hom sal dit heeltemal duidelik wees, terwyl iemand wat die regte betekenis van die woord ken, dit as onsin sal beskou; m.a.w. die spreker het wel korrek gedink, en verbeel hom ook dat hy korrek praat; die fout is dat hy nie presies weet wat hy sê nie. Hierdie gebrek is by Afrikaners met 'n pas beginnende taalontwikkeling groter en kom menigvuldiger voor as by ander nasies. En terwyl in die ander tale die regte kennis van die strekking van die woorde bevorder word deur handleidinge waarin lyste van sinonieme en teenoorgesteldes behandel word, moet 'n Afrikaanse skrywer of spreker by gebrek aan so iets maar sien om klaar te kom.

Die boekie wat ons hier aan studente aanbied, is 'n poging om in die behoefte aan voorligting in hierdie

opsig te voorsien. Dit maak geen aanspraak op volledigheid nie; dit word aangedien as 'n proewe; maar ons glo dat ons tog die meeste woorde bespreek waarmee dikwels foute gemaak word. Ons gee dit die tietel van "Klank- en sinverwante Woorde," omdat ons nie alleen sinonieme, d.i. woorde van ongeveer gelyke betekenis gee nie, maar ook woorde wat in klank ooreenkom en daardeur partykeer verkeerd gebruik word. Ons hoop dat die uitgawe van hierdie boekie 'n steentjie mag bydra tot die opbou van die Afrikaanse taal en om die suiwerheid daarvan te bevorder.

DIE SKRYWERS.

1. **Denklik—denkbaar.**

D e n k b a a r druk die moontlikheid uit om 'n gedagtevoorstelling van iets te maak: *'n Beweging sonder oorsaak is nie denkbaar nie.*

D e n k l i k is sinoniem met vermoedelik: *Die skip sal denklik môre of oormôre aankom.*

2. **Vrindelik—vrindskaplik.**

V r i n d e l i k is iemand as hy, soos die vorming van die woord aandui, handel soos 'n vrind: *'n Vrindelike lag; 'n vrindelike ontvangs; vrindelik groet.*

V r i n d s k a p l i k het betrekking op die omgang van mense met mekaar: *'n Vrindskaplike verhouding tussen twee lande; 'n vrindskaplike besoek; 'n vrindskaplike bespreking.*

Tussen *vrindelike* raad en *vrindskaplike* raad is dié verskil, dat die eerste 'n raad is wat op 'n vrindelike manier gegee word, miskien aan 'n vreemde, terwyl die twede te kenne gee dat dit 'n raad is van die een vrind aan die ander, 'n raad wat uit vrindskap gegee word.

Teenoor *vrindelik* staan *nors;* teenoor *vrindskaplik* staan *vyandig.*

3. **Leeg—ledig.**

L e e g is die teenoorgestelde van vol: *My beurs is leeg.*

L e d i g is sonder werk, of altans sonder om werk

te verrig: *Die man loop nou al drie weke ledig rond. Ledige ure.*

4. **Skaad—beskadig.**

S k a a d het van die twee die wydste betekenis; dit kan konkreet wees: *Die reent het die oes gelukkig nie geskaad nie;* of abstrak: *Hierdie voorval het my vrind se reputasie geskaad. "Baat dit nie, dit skaad ook nie."*

B e s k a d i g het altyd 'n konkrete betekenis; dit is gedeeltelik verniel: *Deur die botsing met die moterkar is die fiets beskadig.*

5. **Vreesagtig—bevrees—bang—benoud—benard.**

V r e e s a g t i g dui iemand se geaardheid aan; dit is 'n karaktertrek: *'n Vreesagtige kind.*

B e v r e e s is deur vrees bevang in 'n bepaalde geval: *Ek was bevrees dat die brand hom sou uitbrei na die pakhuis met bensien.*

B a n g is ontstaan uit *be-ang,* en *ang* is 'n ou woord met die betekenis van *nou* (eng). Wat die vorming betref is dit dus dieselfde as *benoud;* maar ons maak verskil tussen die twee. *Bang* word gesê van die gemoedstoestand van iemand wat vrees vir iets voel: *Bang vir 'n kwaai hond; bang vir die water; bang om alleen in die donker uit te gaan.*

B e n o u d sien op die omstandighede waarin iemand verkeer: *'n Benoude posiesie. 'n Benoude kreet* is 'n skreeu van iemand wat nêrens uitkoms sien nie. Ook word dit nog in sy oorspronklike betekenis aangetref in: *'n Benoude plek; ons sit hier baie benoud.*

Angstig is ook afgelei van *ang* en word gesê van die gemoedstoestand, maar met die bygedagte aan uitkoms: *Ons sien angstig uit na verlossing;* as die gevaar verby is, kan ons terugdink aan *die angstige ure* wat ons deurworstel het.

Benard is dieselfde as benoud, maar met die bygedagte aan 'n nabysynde slegte afloop: *Aan alle kante vasgekeer, was Generaal De Wet vir 'n rukkie in 'n benarde toestand.*

N.B.—*Angstig* het nooit die betekenis van *begerig* nie: *Ek is angstig om hom te ontmoet* is 'n lelike anglisisme.

### 6. Lamlendig—lendelam.

Hierdie woorde beteken altwee *lam van lende,* maar hulle word nooit in letterlike sin gebruik nie.

Lendelam word gesê van dinge soos tafels, stoele, ens., om aan te dui dat hulle nie meer heg en sterk inmekaar sit nie; dat hulle heen en weer skommel as mens hulle aanraak.

Lamlendig word gesê van iemand se houding ten opsigte van sake waarby 'n kragtige optrede wenslik is: *Deur sy lamlendige houding in daardie kwessie het hy homself groot skade berokken.*

### 7. Teenstand—weerstand.

Teenstand is 'n poging om 'n invloed of mag te keer: *Teenstand teen 'n voorgestelde wetgewing; teenstand teen die Evangelie; hardnekkige teenstand teen 'n vyand.*

Weerstand is die vermoë om inwerking van buite te verhinder: *'n Rubberjas bied weerstand aan*

*die reën. 'n Gesonde mens kan weerstand bied aan die winterkoue. Iemand bied weerstand aan die verleiding.*

Die verskil tussen teenstand en weerstand lê daarin dat teenstand aktief is en weerstand passief.

**8. Teensin—afkeer—afsku—afkeur.**

Soos die woorde hier staan, vorm die eerste drie 'n kliemaks.

T e e n s i n is die swakste en gee te kenne dat iemand se begeerte in 'n teenoorgestelde rigting gaan as die van die saak waaroor gepraat word: *Iemand doen 'n werk met teensin; hy eet 'n sekere kos met teensin.*

A f k e e r is 'n sterke neiging om van iets weg te kom. Terwyl iemand nog soms iets met teensin doen, sal hy dit nooit doen as hy 'n afkeer daarvan het nie. Ook word afkeer dikwels gebruik ten opsigte van sedelike neiginge: *'n Afkeer van die leuen.*

(By hierdie woord merk ons op dat sommige sprekers en skrywers in plaas daarvan *afkeur* sê: *Hy was vervul met afkeur van die saak.* Dit is blykbaar 'n verwarring van denkbeelde: *afkeer* is dieselfde as die Eng. *aversion; afkeur* is 'n werkwoord en staan gelyk met Eng. to *disapprove.*)

A f s k u is die sterkste en druk 'n geweldige gemoedsaandoening uit, waardeur iemand as 't ware wegvlug: Ons praat van 'n *afskuwelike moord;* ons sien *met afsku* 'n slagveld bedek met dooies en verminktes, wat onbegrawe lê en vergaan.

### 9. Teenspraak—teenwerping.

Teenspraak is 'n konflik van beweringe: *Wat A. sê is in teenspraak met wat B. sê.*

Teenwerping is 'n opienie wat uitgespreek word om 'n ander opienie te bestry; iemand maak 'n teenwerping teen 'n redenering om dit te weerlê. 'n Teenwerping kan 'n feit noem wat volgens die spreker nie ooreenkom met die bewering van 'n ander nie. Met teenwerpinge kry ons te doen in 'n dispuut.

### 10. Gesag voer—gesag hê.

Gesag voer is kommandeer: *die kaptein voer gesag op sy skip; die hoof van 'n ekspediesie voer gesag oor die deelnemers daaraan.*

Gesag hê dui aan dat iemand so hoog staan in die opienie van ander mense, dat hulle hom vertrou en sy uitsprake aanneem. *'n Dolosgooier het groot gesag by die kaffers; 'n deskundige in 'n tak van wetenskap het gesag by die beoefenaars daarvan.*

Iemand *voer* gesag *oor* ander mense; hy *het* gesag *by* ander mense.

### 11. Vorm—formaat.

Vorm is die gedaante van iets: vierkantig, rond, bolvormig, ens.

Formaat is die grootte van 'n boek: folio, mediaan kwarto, oktawo, duodesimo ('n vel papier net een keer gevou gee die bladsy op sy grootste; mediaan is die helfte hiervan, kwarto die vierdepart, oktawo die agstepart, en duodesimo die twaalfdepart).

**12. Vervreem—ontvreem.**

Vervreem is vreemd maak of vreemd word. Iemand *vervreem* van sy huis en vaderland, as hy hom meer by ander nasies of mense tuis begin voel as by sy eie. Die omgang met sekere persone, of die toegee aan die een of ander neiging kan ons van ons familie of vrinde vervreem. As die kind in die bekende gediggie van Totius sê:

*Want, vader, ver van ons vervreem,*
*Die dood het sussie weggeneem,*

dan bedoel sy dat hy deur sy lang afwesigheid vir haar en die broertjies en sussies 'n vreemde geword het.

Ontvreem is wegneem; dis 'n sagter term vir steel: *Die dief het verskeie voorwerpe van waarde uit die huis ontvreem.*

**13. Misdaad—wandaad—oortreding—sonde.**

Misdaad is 'n moedswillige daad teen die lewe, welsyn of eiendom van die medemens.

Oortreding is 'n daad teen die een of ander bepaling van die wet. Om te ry aan die regterkant van 'n drukke straat is 'n *oortreding;* 'n moord, die aanbring van liggaamlike letsel, die vernieling van 'n ander se eiendom is *misdade.*

Wandaad is 'n daad wat indruis teen die menslikheid. Daar is geen wet wat verbied om 'n wilde bok of 'n tier lewendig in stukke te kap nie; dis dus geen oortreding, ook geen misdaad nie; maar elke mens met 'n menslike gevoel sal dit ten diepste afkeur: dis 'n *wandaad.* Om in oorlogstyd jou vyand dood

te skiet is nie 'n misdaad of oortreding nie, maar om hom dood te martel is 'n *wandaad.*

S o n d e is elke oortreding van die goddelike wet; dit sluit die orige drie in, maar omvat veel meer: selfs *slegte gedagtes is sonde.*

**14. Produkte—produksie.**

P r o d u k t e is die voortbrengsels van arbeid, veral van die landbou: *Mielies is die vernaamste produk van ons landbou. Die produktemark.* Die naam kan ook toegepas word op die voortbrengsel van 'n fabriek: *Die produk wat die Afrikaanse skoenfabrieke lewer, word gedurig beter.*

P r o d u k s i e is die werk van voortbrenging self: *Produksiekoste.*

**15. Vyandig—vyandelik.**

V y a n d i g druk die gesindheid van 'n vyand uit: *'n vyandige daad; twee partye wat vyandig teenoor mekaar staan.*

V y a n d e l i k beteken behorende aan die vyand: *die vyandelike grondgebied; die vyandelike leër of vloot.*

**16. Uitvoering—opvoering.**

Musiek word u i t g e v o e r; 'n toneelstuk word o p g e v o e r.

Behalwe dit het *uitvoering* nog die betekenis van die manier waarop 'n werk gedoen word: *die uitvoering van 'n plan; die uitvoering van 'n opdrag,* ens.

*Opvoering* het nog die betekenis van omhoog bring, bv. *die opvoering van 'n prys; die opvoering van die geesdrif tot 'n sekere peil.*

**17. Toneelspeler—akteur—komediant.**

'n T o n e e l s p e l e r is iemand wat optree in die vertoning van 'n toneelstuk. Ons kan praat van amateur-*toneelspelers.*

'n A k t e u r is 'n toneelspeler van beroep, 'n toneelkunstenaar: *Louis Bouwmeester was 'n akteur van Europese vermaardheid.* Ons kan nie praat van *amateur-akteurs* nie.

K o m e d i a n t; dit is ook 'n beroepstoneelspeler, maar die woord het die bybetekenis van grapmaker, die naam is nie so eervol as akteur nie: *Daardie man lyk presies 'n komediant met al sy lawwe grappe.*

**18. Aansyn—aanskyn—aansien.**

A a n s y n is die bestaan: *God het deur Sy magwoord die wêreld in die aansyn geroep.*

A a n s k y n is die poëtiese naam vir aangesig: *Niemand kan ongestraf die son in die aanskyn staar nie.*

A a n s i e n is die uiterlike voorkome; ook hoë stand of posiesie: *Die aansien van die nuwe poskantoor is amper soos van 'n paleis. 'n Man van aansien.*

**19. Herinnering—herdenking—aandenking—gedagtenis—nagedagtenis.**

H e r i n n e r i n g: As 'n saak weer in ons gedagte kom of deur iemand of iets weer daarin gebring word, noem ons dit *herinnering*: *Die gedig "Die Seepkissie" het die herinnering van die konsentrasiekampe weer by my lewendig gemaak.*

Herdenking: dit is die opsetlike terugdink aan 'n persoon of saak; meestal het dit 'n plegtige karakter: *Op 16 Desember van elke jaar vier ons die herdenking van die slag by Bloedrivier.*

Aandenking is 'n voorwerp wat bestemd is om ons gedurig aan iemand of iets te laat terugdink: *By sy vertrek het hy ons almal iets gegee as 'n aandenking aan sy besoek.*

Gedagtenis is die voortlewe of die gedurige vashou van iets in ons gedagte: *Hou in gedagtenis dat 'n witman verpligtinge het teenoor die onbeskaafdes rondom ons.*

Nagedagtenis is die terugdink aan 'n afgestorwene: *Ons hou die nagedagtenis van die ou helde van ons volk in ere.*

**20. Vraag—aanvraag—navraag—aansoek.**

'n Vraag is 'n uitgesproke begeerte om iets te wete te kom, te ontvang of te koop: *Iemand stel 'n vraag omtrent 'n saak. Daar word 'n vraag om 'n bydrae aan ons gerig. Daar is op die mark veel vraag na eiers.*

'n Aanvraag is 'n offisieël ingediende vraag om iets te ontvang: *Iemand doen by 'n uitgewer aanvraag om 'n present-eksemplaar van 'n boek.*

Navraag is 'n vraag om informasie omtrent 'n persoon of saak: *Die poliesie doen navraag na 'n sekere Coetser. Ek het by die kantoor van die spoorweg navraag gedoen na die vermiste sambreel.*

Aansoek is ongeveer dieselfde as *aanvraag*, maar sluit die bygedagte van beleefdheid in; ook

word dit gebruik vir die versoek van 'n jonkman aan 'n meisie om te trou: *Daar is by die regering aansoek gedoen om hulp vir die mense wat deur die droogte gely het. My neef het aansoek gedoen om die hand van Mejuffrou S. 'n Meisie weier 'n aansoek.*

Versoek is 'n beleefde vraag om 'n guns: *Die bewoners van die Brugstraat rig 'n versoek aan die stadsraad om beter verligting.*

**21. Hoeveelheid—aantal—getal—syfer.**

Hoeveelheid is 'n versameling van eenhede; ook 'n massa wat nie getel nie, maar gemeet of geweeg kan word. *Vyf, drie, tien voorwerpe bymekaar is hoeveelhede; so ook 'n hoop sand, die melk in 'n kan.* ens.

Aantal is al die eenhede waaruit 'n hoeveelheid bestaan: *'n Groot aantal mense op 'n vergadering.* ..

Getal is die naam van 'n aantal: *Die woord vyf is 'n getal. Aantal* is dus meer onbepaald; *getal* is definitief.

'n Syfer is 'n spesiale skrytteken waarmee getalle aangedui word: *een, een, een, een, een,* in 'n klomp bymekaar, is 'n *hoeveelheid; een, een, een, een, een,* agtermekaar afgetel, is 'n *aantal;* die woord *vyf,* waarmee hierdie versameling genoem word, is 'n *getal;* die teken 5 is 'n *syfer.*

(Hierdie definiesies is in die meeste boeke oor teorie van die Rekenkunde te vinde.)

**22. Stuurloos—onbestuur.**

Stuurloos is sonder stuurtoestel: *'n Skip met 'n gebreekte roer dobber stuurloos op die golwe.*

Onbestuur wil sê dat daar wel 'n stuurtoestel is, maar daarvan word geen gebruik gemaak nie: *Toe my pa die floute kry en die leisels los, hardloop die perde 'n hele tyd onbestuur met die kar deur die veld. Onbestuurde drifte.*

23. **Naamloos—nameloos—ongenoem.**

Naamloos is sonder naam: *Naamlose skendbriewe is groter skande vir die skrywer as vir die ontvanger.*

Nameloos word figuurlik gebruik en beteken dat geen naam aan iets kan gegee word nie: *Namelose ellende.*

Ongenoem beteken eenvoudig dat die naam van die persoon oor wie iemand praat of skryf, nie genoem word nie: *'n Aanhaling uit 'n werk van 'n ongenoemde skrywer.*

24. **Troueloos—ontrou.**

Troueloos is sonder getrouheid; dit is 'n permanente karaktertrek: *'n Trouelose verraaier.*

Ontrou is sonder trou in 'n bepaalde geval: *Die vrind van wie ek hulp verwag het, het my ontrou geword.*

25. **Troosteloos—ontroosbaar.**

Troosteloos is sonder iets wat troos kan gee: *'n Troostelose sandwoestyn; die troostelose verlatenheid van die poolstreke.*

Ontroosbaar is onvatbaar vir troos: *Die arme vrou was ontroosbaar, toe haar man haar so plotseling kom te ontval.*

**26. Skaamteloos—onbeskaam.**

S k a a m t e l o o s beteken sonder skaamte; dit is die uiterste graad van verdorwenheid, waarin iemand sonder gewetenskwelling die grofste onbehoorlikhede verrig: *'n Skaamtelose bedrieër. Skaamtelose ontug.*

O n b e s k a a m beteken dat iemand in 'n bepaalde geval nie tot skaamte oor 'n slegte daad gebring kan word nie: *Ofskoon sy leuen vir iedereen duidelik was, bly hy nog onbeskaam by sy bewering.*

**27. Agterlaat—nalaat.**

A g t e r l a a t is opsetlik of by vergissing iets laat bly op 'n plek wat 'n mens verlaat: *Ek het my sambreel by Hans hulle agtergelaat. Ek sal die boekie hier agterlaat vir julle om te lees.*

N a l a a t; dit word gesê van 'n afgestorwene ten opsigte van sy famielie en boedel: *Die oorledene laat 'n weduwee met drie kinders na. Nalatenskap.*

Ook word dit gesê van 'n blywende gevolg van 'n verbygaande oorsaak: *Die smart het diepe wonde in die hart nagelaat.*

Verder het dit nog die betekenis van iets nie doen nie wat 'n mens moes gedoen het: *Nalatigheid is in die meeste gevalle pligsversuim.*

**28. Beken—erken—herken—bely.**

B e k e n is eerlik uitkom vir 'n fout of sonde: *Iemand beken 'n misdaad. Skuldbekentenis.*

E r k e n is eerlik uitkom vir 'n waarheid: *Ek erken die billikheid van jou handelwyse. Ek erken iemand se reg.*

Ook word dit soms gesê in die sin van *beken,* om die bybegrip van boetedoening daarvan weg te neem, en veral as dit die uitkoms is van 'n woordestryd oor die reg of onreg van iemand se dade: *Hy erken volmondig dat hy 'n fout begaan het.*

Bely is dieselfde as *beken,* maar meer as 'n godsdienstige handeling: *Iemand bely sy sonde voor God.* Ook is dit die gee van getuienis aangaande 'n godsdienstige geloof: *Miljoene mense bely die Kristelike godsdiens. Belyders van die Islam.*

Herken is geen sinoniem van een van die ander woorde nie; dit druk uit dat iemand 'n persoon of saak wat hy vroeër geken het, na 'n sekere tydsverloop weer sien en ken: *Al was sy hare en baard in sy lang afwesigheid grys geword, het ek hom tog dadelik herken.*

### 29. Koel—soel.

Koel en soel word altwee gebruik met betrekking tot die weer: 'n *koel* wind is aangenaam koud; 'n *soel* wind is aangenaam warm. Na 'n warm dag volg 'n *koel* aand; na 'n koue winter word die lug weer *soel.*

Koel word ook figuurlik gebruik om gebrek aan hartelikheid aan te dui: *'n koel ontvangs;* of ook afwesigheid van hartstog: *Iemand hou 'n koel hoof in 'n twis.*

### 30. Eervol—eerlik—geëer—eerbaar—eersaam.

Eervol word gesê in 'n getuigskrif omtrent iemand se lewensgedrang: *'n Eervolle loopbaan. Iemand kry eervol ontslag uit sy diens.*

Eerlik het vroeër beteken *geëer*, in 'n posiesie van eer geplaas; so lees ons in die Hollandse Bybel (Num. 22: 15), dat Balak meer en *eerliker* (d.i. hoër geplaaste) vorste na Bileam stuur. Hierdie betekenis is in Holland verouder; die woord beteken daar sowel as hier ook vandag dat iemand sonder bedrog is: *'n Eerlike bekentenis; eerlik iets verdeel; 'n eerlike handel.*

Geëer is 'n persoon as hy by sy medemense hoog in agting staan: *'n Geëerde staatsman.*

Eerbaar is onberispelik van gedrag op seksuele gebied: *'n Eerbare vrou; eerbare omgang van jongkêrels en meisies.*

Eersaam word gewoonlik gesê van mense wat hulle medemense na behore behandel en 'n deeglike lewe lei as inwoners van hulle plek: *'n Eersame burger van die stad.*

31. **Bewusteloos—onbewus.**

Bewusteloos is sonder bewussyn: Iemand wat flou val, is *bewusteloos.*

Onbewus sien op 'n besondere rigting waarin die bewussyn in 'n gegewe geval nie werk nie: Iemand wat *onbewus* is van 'n naderende gevaar, het wel sy volle bewussyn, maar weet van hierdie besonder omstandigheid niks af nie.

32. **Onwillig—onwillekeurig.**

Onwillig is teen iemand se wil; iemand is onwillig om iets te doen, as hy hom daarteen versit en dus gedwing moet word: *Met onwillige honde gaan dit swaar om hase te vang.*

Onwillekeurig beteken: sonder dat iemand se wil daarby in die spel kom; as iemand onwillekeurig iets doen, doen hy dit onopsetlik, as vanself: *Toe hy daardie geluid hoor, kyk hy onwillekeurig op.*

**33. Goed—goedig—goedhartig—goedertieren.**

Goed is sonder fout of gebrek: *God is goed.*

Goedig: van 'n sagte geaardheid, ongeneig om iemand iets kwalik te neem: *Die goedige groot seun kan alles van die kleintjies verdra.*

Goedhartig: goed van hart; wie goed van hart is, doen graag goed aan ander mense. Terwyl *goedig* meer 'n passiewe geaardheid aandui, beteken goedhartig 'n aktiewe hoedanigheid: *My goedhartige Ouma was nooit beter in haar skik nie as wanneer sy ons op iets lekkers kon trakteer.*

Goedertieren word alleen van God gesê. Die woord beteken letterlik van 'n goeie aard (*tier=aard*); daarom staan in die Bybel (Ps. 62: 13): "*En die goedertierenheid, o Here, is Uwe, want U sal 'n ieder vergelde na sy werk.*" Immers, tot 'n werklike goeie aard behoort ook regvaardigheid.

Teenswoordig egter gebruik ons die woord net maar in die betekenis van *vergewensgesind, barmhartig, lankmoedig.*

**34. Lofwaardig—loflik.**

Lofwaardig beteken dat iets werd is om lof te ontvang: *'n Lofwaardige gedrag; lofwaardige poginge.*

Loflik beteken taamlik wel dieselfde, maar word veral gebruik met betrekking tot die getuienis wat

omtrent iemand se gedrag gegee word: *Die predikant het 'n loflike getuienis omtrent die lewenswandel van die jonkman gegee.*

35. **Opmerklik—opmerksaam.**

Opmerklik is werd om opgemerk te word: *'n Opmerklike verskynsel; 'n opmerklike verandering.*

Opmerksaam beteken dat iemand hom inspan om iets op te merk: *Ek het opmerksaam toegekyk hoe die goëlaar te werk gegaan het.*

36. **Verkiesbaar—verkieslik.**

Verkiesbaar is iemand as hy vir 'n amp of pos verkies kan word: *Meerderjarige persone wat nie bankrot of kranksinnig is en geen onterende vonnis tot hulle las het nie, is verkiesbaar tot lid van die Parlement.*

Verkieslik wil sê dat dit raadsaam is om iemand of iets te kies, of dat 'n saak die voorkeur bo ander verdien: *'n Straatwerker is verkiesbaar vir die parlement, maar hy is nie juis 'n verkieslike persoon nie.*

37. **Nutteloos—onnut—waardeloos.**

Nutteloos is sonder nut vir 'n bepaalde doel: *Vir die opwen van 'n oorlosie is 'n deursleutel nutteloos.*

Onnut is nuttig vir niks: *'n Vrot plank is 'n onnutte ding.*

Waardeloos is sonder waarde; dit kan nie verkoop of vir iets anders verruil word nie: *Die Transvaalse "bluebacks," wat in die driejarige oorlog uitgegee is, is vandag totaal waardeloos.*

**38. Wetteloos—onwettig—ongeoorloof.**

Wetteloos beteken sonder wet: *Onbeskaafde nasies lewe so goed as wetteloos; 'n oproerige menigte sonder leiding is wetteloos.*

Onwettig is teen die wet: *Onwettige verkoop van diamante.*

Ongeoorloof is wat nie deur die outoriteite toegestaan is nie: *Om sonder medewete van die eienaar in 'n huis in te gaan is 'n ongeoorloofde daad.*

**39. Nodeloos—onnodig.**

Nodeloos is sonder noodsaak of dwang van omstandighede: Iemand maak hom *nodeloos* ongerus, as daar geen rede vir ongerustheid is nie.

Onnodig word van iets gesê as daar geen behoefte aan is nie; dis iets oortolligs: *Ek is al klaar met die werk; dis onnodig om nog iemand te hulp te roep.*

**40. Magteloos—onmagtig—swak.**

Magteloos is sonder mag: *Teenoor die verwoestende werking van 'n vulkaan staan die mens magteloos; hy kan niks daarteen doen nie.*

Onmagtig is iemand as hy geen beheer oor sy mag het nie: *Hy was van skrik onmagtig om 'n woord te sê.*

Swak is gering van krag of van mag: *'n Swak kind; die sieke is nog swak; 'n swakke verdediging.*

**41. Verstandeloos—dom—onwetend—swaksinnig—onnosel—stompsinnig—onverstandig—redeloos.**

Verstandeloos is sonder verstand; 'n idioot is *verstandeloos.*

D o m is onbekwaam om met verstand te werk te gaan: 'n *dom* mens mis die vermoë om denkbeelde te assosiëer.

O n n o s e l het oorspronklik beteken *onskuldig, sonder* kwaad; vandag beteken dit *onvatbaar om denkbeelde op te neem,* maar dit het nog altyd die bybetekenis van sonder kwaad. 'n Dom mens kan soms baie onheil aanrig, maar van 'n onnosele dink ons so iets nie; en as hy kwaad stig, is dit sonder opset.

O n w e t e n d is *sonder kennis;* iemand kan 'n goeie verstand besit, maar onwetend wees omtrent baie dinge, omdat hy nooit daarvan gehoor het nie.

S w a k s i n n i g dui 'n beperkte verstand aan; dit is die term wat offisiëel gebruik word met betrekking tot kinders vir wie spesiale onderwysmetodes gebruik moet word om te maak dat hulle nog iets in die maatskappy kan uitrig sonder om tot las van ander mense te wees.

S t o m p s i n n i g is ongeveer dieselfde, maar wek die bygedagte aan die moeite wat 'n mens het om hulle iets te laat verstaan.

O n v e r s t a n d i g word gesê van iemand wat wel verstand het, maar dit nie goed gebruik nie.

R e d e l o o s is sonder rede, d.i. sonder die vermoë om hoër denkbeelde te vorm as wat vir die aardse bestaan nodig is: *Die redelose diere.*

42. **Verstandig—verstandelik.**

V e r s t a n d i g wil sê dat iemand sy verstand goed gebruik: *Hy het die moeilike kwessie op 'n verstandige manier opgelos. 'n Verstandige besluit.*

Verstandelik het betrekking op die verstand self: *'n Kind se verstandelike ontwikkeling.*

**43. Skrif—geskrif.**

Skrif is die sigbare tekens waarmee gedagtes uitgedruk word; dis 'n plaasvervanger van die gesproke woord. Ons kan praat van *letterskrif, noteskrif,* ens., *duidelike* en *onduidelike skrif, leesbare* en *onleesbare skrif,* en so verder.

Geskrif is 'n geskrewe stuk, waarin iemand sy gedagtes openbaar. Dit het dus betrekking op die inhoud, nie op die lettertekens nie: *Die geskrifte van 'n wysgeer, van 'n letterkundige, ens.* Alleen met betrekking tot die Bybel gebruik ons die woord *Skrif* (met 'n hoofletter) in plaas van *geskrif.*

**44. Vrou—dame.**

Vrou dui alle volwasse mense van die vroulike geslag aan; ook het dit die betekenis van eggenote van 'n man.

Dame veronderstel 'n sekere mate van ontwikkeling, stand en beskaafdheid. Elke dame is 'n vrou, maar nie elke vrou 'n dame nie. Waar dus die idee van die geslag oorheersend is, behoort ons te sê *vrou,* bv. *Vrouefederasie, vrouestemreg, vrouevergadering, vrouekwale,* ens. Waar dit nie die geval is nie, gebruik ons die woord *dame.* So sal 'n spreker voor 'n gemengde gehoor begin met die aanspraak: *Dames en Here. Die dames word beleef gegroet;* ens. In sommige gevalle word *dame* uit beleefdheid gebruik, waar *vrou* die regte woord sou wees; bv. in die opskrifte op sommige deure: *Dames; Dameswagkamer; Dames alleen,* ens.

**45. Grens—lyn.**

Altwee dui die plek aan waar een vlakte of ruimte ophou en die ander begin; maar *grens* is veel algemener as *lyn.* Laasgenoemde woord word gebruik om die afgebakende skeiding tussen twee gebiede, soos plase of lande, aan te dui; die idee daarby is, dat daar 'n lyn gespan is; maar selfs al ontbreek dit, dan praat ons nog van *lyn.* Die woord *grens* kan figuurlik gebruik word, *lyn* nie. Grens word gesê met betrekking tot 'n klimaat, 'n sekere plantegroei, die welvoeglikheid, ens. Ons kan bv. sê *dat iemand se wangedrag alle grense te buite gaan,* maar nie dat dit *oor die lyn* gaan nie. Ons sê egter ook: *Die vyand lê op die grense.*

**46. Begroting—skatting—raming.**

Aldrie is 'n benadering van 'n hoegrootheid of waarde.

S k a t t i n g is die wydste van omvang en tewens die vaagste; dit maak 'n gissing, uitgaande van die uiterlike aansien van 'n saak. Iemand *skat* bv. *'n afstand op die oog;* of *die aantal persone in 'n vergadering;* of *die koste van 'n werk,* ens.

R a m i n g en b e g r o t i n g het meer spesiaal betrekking op die koste van iets. Van die twee is *raming* die vaagste; dit is 'n ruwe berekening. *Begroting* is noukeuriger: dit gaan alle onderdele van 'n stuk werk na en bereken die koste volgens bepaalde pryse. As iemand 'n huis wil bou, maak hy eers 'n *raming,* waardeur hy 'n globale idee van die koste kry; later, as bestek en tekening gemaak is, volg die *begroting* volgens die hoeveelhede materiaal wat nodig

sal wees en die markpryse daarvan. *'n Regering maak jaarliks 'n begroting van die inkomste en uitgawes;* daarby word alle takke van die staatsdiens noukeurig nagegaan en die berekening gebaseer op wat elke onderdeel van elke tak sal oplewer en kos.

47. **Kosbaar—kostelik—duur—prysig.**

Kosbaar is wat baie geld kos; kostelik is wat vir 'n persoon baie werd is weens sy nut of uitstekende hoedanigheid, sonder dat daarby aan die prys wat dit kos, gedink word: *Sy het 'n kosbare armband met diamante gedra. Hierdie oorlosie is maar van koper, maar dit is vir my tog 'n kostelike ding, want dit gaan nooit fout nie* (Of: *ek het dit van my Oupa geërwe*).

Duur word gesê as die prys van 'n ding vergelykenderwys hoog is; dit kan wees in vergelyking met sy prys op ander tye, of met die prys van ander dinge van dieselfde soort: *Die eiers is teenswoordig duur; want terwyl die prys gewoonlik 1/9 of 2/- per dosyn is, moet ons nou 3/- betaal. In plaas van katoen vir die gordyne wou hulle my linne verkoop; maar dit vind ek te duur.*

Prysig is nie eintlik duur nie, maar dui aan dat vir 'n koopwaar 'n goeie prys betaal word: *Weens die stadige aanvoer bly die koring taamlik prysig.*

48. **Draagbaar—draaglik.**

Wat in letterlike sin gedra kan word, is *draagbaar,* bv.:*'n Vrag van 50 pond is maklik draagbaar. 'n Draagbare orrel is 'n orrel wat maklik saamgedra kan word.*

Wat in figuurlike sin gedra kan word, is draaglik: *Die pyn is nog wel draaglik, maar die dors nie. 'n Draaglike orrel is 'n orrel wat nie al te sleg is nie.*

49. **Beleef—beskeie—wellewend.**

Wie beleef is, toon die agting wat die een mens in die maatskaplike lewe teenoor die ander behoort te hê.

Beskeie dui aan dat iemand hom nie op die voorgrond dring nie. *Die werkman groet sy baas, en die baas groet beleef terug. In die gedrang van die menigte by die opening van die fees het ons burgemeester hom beskeie met 'n staanplek vergenoeg.*

Wellewend is iemand as hy hom gedra volgens die reëls van die beskaafde omgang. *'n Persoon van fyne beskawing is kenbaar aan sy wellewendheid.* —

50. **Kwaai—kwaad.**

Kwaad is tydelik in 'n slegte humeur: *Die gedurige interrupsies het eindelik die spreker kwaad gemaak.*

Kwaai dui 'n permanente karaktertrek aan; 'n kwaai persoon word maklik kwaad of is altyd daarop uit om sy regte te handhaaf of om sy voordeel te soek: *'n Kwaai hond; 'n kwaai ou kêrel. "Koningin Victoria,"* het President Kruger in die Volksraad gesê, *"is 'n kwaai vrou."* 1)

---

1) Die vyande van die President het hierdie woorde na Engeland oorgesein in die moedswillig foutiewe vertaling: "a vicious woman."

### 51. Stoor—verstoor—steur.

Aldrie het die betekenis van 'n staking veroorsaak.

S t o o r en s t e u r beteken lastig val en is van 'n tydelike aard, bv.: *Ek is in my werk 'n paar male gestoor* (of *gesteur*) *deur mense wat koopware aan die deure rondvent.* Maar *steur* word ook gebruik in die sin van jou deur iets te laat beïnvloed: *Ek steur my nie aan al die praatjies nie.*

V e r s t o o r het kragtens die voorvoegsel *ver-* 'n baie sterker betekenis; dit veroorsaak 'n permanente staking: *Ons hele feesviering is deur die ontsettende berig verstoor,* d.i. daar het vir goed 'n end aan gekom.

### 52. Sag—saf.

Daar is nie 'n groot verskil tussen die twee nie; alleen is s a g meer geskik om figuurlik gebruik te word. In baie gevalle word altwee woorde sonder verskil gebruik: *'n sagte of safte perske; sagte of safte turfgrond;* maar: *'n sagte karakter; 'n sagte vermaning.*

Daar is verskil tussen: *'n sagte man* en *'n safte man.* Die eerste is saggeaard, maar kan heel goed iemand van 'n vaste karakter wees; die twede is 'n papbroek.

### 53. Versending—besending—sending.

V e r s e n d i n g is die daad van wegsending van iets: *Die versending van die goedere moet per transportwa geskied tot die naaste stasie, en vandaar per trein.*

B e s e n d i n g is die hoeveelheid goedere wat in een keer gestuur word: *'n Winkelier het 'n groot besending skoene* (of iets anders) *ontvang.*

S e n d i n g het betrekking op die uitstuur van persone vir 'n bepaalde doel; ook die opdrag wat sulke persone kry: *Die Kristelike sending; die sending onder die Heidene; 'n persoon word deur sy regering na 'n ander land gestuur met 'n sekere sending.*

**54. Oogpunt—gesigspunt—gesigsveld.**

O o g p u n t is die plek van die oog by die maak van 'n tekening: *Die oogpunt kan hoog of laag geneem word. Alle lyne wat reghoekig op die tafereel staan, het hulle vergaarpunt in die oogpunt.* In figuurlike sin is die oogpunt die saak met betrekking waartoe 'n ding beoordeel word: *Ons het die saak eers beskou met betrekking tot sy waarde vir die maatskappy; laat ons dit nou ook beskou uit die oogpunt van skoonheid.*

G e s i g s p u n t is oogpunt in die sin van die wyse waarop 'n saak hom aan ons vertoon: *Hierdie mededeling, wat weer 'n ander lig op die kwessie gooi, gee ons 'n nuwe gesigspunt.*

G e s i g s v e l d is die oppervlakte wat iemand kan sien sonder om sy oë of sy kop te draai: *'n Bysiende het maar 'n klein gesigsveld. 'n Insek het met sy samegestelde oë 'n groter gesigsveld as 'n mens.*

**55. Eindig—beëindig.**

E i n d i g dui aan dat iets 'n end kry, of dat iemand ophou met 'n werk omdat dit klaar is: *'n Verlowing*

*eindig met 'n huwelik. Die redenaar eindig sy toespraak met 'n beroep op die menseliefde van sy hoorders.*

B e ë i n d i g beteken opsetlik of op kunsmatige wyse 'n end aan iets maak: *Die dood van een van die partye het die stryd beëindig.*

**56. Lydsaam—lydelik.**

'n L y d s a m e persoon het 'n geaardheid waardeur hy beter as 'n ander pyn, moeite, teenspoed, ens. kan ly. *Iemand dra 'n smartelike siekte met lydsaamheid. Iemand is lydsaam in verdrukking.*

L y d e l i k wil sê dat iemand hom nie teensit nie, of nie saamdoen nie; hy is passief: *Ek kon die onreg nie langer lydelik aansien nie; daarom het ek ingegryp. In plaas van die plundering van Duitse winkels in* 1914 *teen te gaan het die poliesie dit lydelik aangesien.*

"*Lydelike verset*" is 'n oksimoron waarmee uitgedruk word dat iemand hom nie steur aan 'n wet nie, maar dan ook sonder teenstand die straf dra.

**57. Besit—besitting—eiendom.**

B e s i t is letterlik (en oorspronklik) die daad van op iets te sit; in sy teenswoordige betekenis dui dit aan dat iemand 'n voorwerp onder sy berusting het en daaroor kan beskik.

B e s i t t i n g is die voorwerp wat in die besit van die persoon is.

E i e n d o m is die alleenreg op 'n voorwerp, wat verkry is deur koop of skenking; ook is dit die voorwerp self: *Iemand het 'n stuk land in volle eiendom*

*verkry* (die reg); *op 'n vandiesie sal 'n paar waardevolle eiendomme* (die voorwerpe) *verkoop word.*

'n Geroofde voorwerp kan op die oomblik in die *besit* van iemand wees; die voorwerp is dan sy *besitting,* maar darem nog nie sy *eiendom* nie.

**58. Knetter—kletter.**

K n e t t e r is die knappende geluid van brandende hout soos dit uitmekaar spat, en ander geluide wat daarop lyk: *'n Knetterende vuurtjie; knetterende geweervuur.*

K l e t t e r is die geluid van hael op die dak, 'n blik voorwerp wat val, en dgl.: *die koperdeksel val kletterend op die vloer; sabelgekletter.*

**59. Praat—spreek—gesels—mompel.**

P r a a t is: taalklanke met betekenis voortbring; dis die meganiese deel van die gebruik van die spraak: *Kan die kind al praat?* Ook is dit die gewone alledaagse konwersasie, waarby meer gedink word aan die geluid van die stemme as aan die gedagtes wat gewissel word: *Jy praat teveel. Moenie van die ding praat nie.* Die inhoud van wat gepraat word is gewoonlik minderwaardig: *Ek steur my nie aan praatjies nie.*

G e s e l s is: op vrindskaplike, onderhoudende manier met mekaar praat: *Ons het 'n uurtjie lekker sit en gesels.*

S p r e e k is: offisiëel of op deftige manier die woord voer: *Mnr. X spreek vanaand in die stadsaal oor die drankkwessie.*

Iemand kan 'n goeie, aangename *prater* wees en tog 'n slegte *spreker.*

Mompel is: by jouself en vir jouself halfluid en halfverstaanbaar iets sê: *Toe ek hom van die saak vertel, was hy blykbaar ontevrede; want hy spreek my wel nie teë nie, maar hy mompel so iets van "beter weet" en "navraag doen."*

**60. Eerwaardig—eerbiedwaardig—eerbiedwekkend.**

Eerwaardig: werd om eer te ontvang: *'n Eerwaardige amp; 'n eerwaardige priester.*

Eerbiedwaardig: werd om met eerbied behandel te word: *'n Eerbiedwaardige voorkome; 'n eerbiedwaardige gewoonte.*

Meestal word tussen *eerwaardig* en *eerbiedwaardig* weinig verskil in ag geneem.

Eerbiedwekkend: wat deur die indruk wat dit teweeg bring 'n gevoel van eerbied by iemand laat ontstaan: *Die eerbiedwekkende tone van die kerkorrel.*

**61. Deeglik—deerlik.**

Hierdie twee woorde word dikwels met mekaar verwar.

*Deeglik* is afgelei van 'n ou Werkw., wat *deug* beteken, net soos in die Engelse uitdrukking: That will *do*; how do you *do*? (Dit sal *deug*; hoe *deug* jy?) Daarom beteken *deeglik* soveel as op 'n deugdelike manier: *'n Deeglike ondersoek; 'n deeglike karakter.*

Deerlik daarenteë is afgelei van die Werkw. *deer,* d.i. seermaak of skade aandoen: *Iemand word*

*deerlik mishandel; vergis hom deerlik; sit deerlik in die moeilikheid.*

**62. Gesag—ontsag.**

G e s a g is die erkende reg van 'n hoër persoon om sy wil aan 'n laer geplaaste op te lê: *Die gesag van die regering.*

Figuurlik: 'n *gesaghebbende* skrywer oor 'n onderwerp is 'n skrywer wat deur iedereen erken word as in staat om 'n goeie oordeel oor die onderwerp te vel.

O n t s a g is die houding van die ondergeskikte teenoor die persoon van gesag: *Die ouers voer gesag in hulle huis; die kinders toon ontsag vir hulle ouers.*

'n Persoon kan deur sy houding of uitstekende hoedanighede *ontsag* inboesem; maar "gesag inboesem" is 'n foutiewe uitdrukking. Wel kan gesê word dat iemand *met gesag beklee* word, as hy nl. deur 'n hoër outoriteit in 'n posiesie geplaas word waar hy die reg het om gesag oor ander persone uit te oefen.

**63. Geldig—geldelik.**

G e l d i g beteken dat iets in aanmerking geneem word: *'n Stembiljet is geldig, of in die teenoorgestelde geval is dit van onwaarde. Geldige aansprake op die besit van iets.*

G e l d e l i k is wat in geldswaarde uitgedruk kan word: *'n Geldelike beloning.*

Verskil tussen: *geldelike* besware en *geldige* besware.

64. **Begeerlik—begerig.**

B e g e r i g druk uit dat iemand sterk iets begeer: *Die kinders strek begerig die hande uit na die vrugte en lekkergoed. Hulle kyk met begerige oë.*

B e g e e r l i k druk uit dat 'n saak die begeerte opwek: *Eva sien dat die vrug begeerlik was om verstandig te maak. Begeerlik* beteken dus soveel as *begerenswaardig.*

65. **Arm—armlik—armoedig.**

A r m is sonder besitting; figuurlik gee dit te kenne dat ons iemand jammer kry: *Die arme koning David! Hy moes vir sy seun Absalom vlug. Die arme ryk man!*

Dikwels word die begrip *arm* gespesifiseer: *arm aan geld, arm van gees; grond wat arm aan sulfate is,* ens.

A r m l i k is arm lykende: *Die kinders sien daar armlik uit, is armlik gekleed, en tog is hulle ouers welgestelde mense.*

A r m o e d i g sien op die omstandighede waaronder mense lewe: *'n Armoedige bestaan.*

66. **Koud—koulik.**

K o u d is die teenoorgestelde van warm; ook in die figuurlike sin van *sonder geesdrif: 'n koue vergadering.*

K o u l i k beteken baie vatbaar vir die invloed van die kou:

> *"Daar kom die kaffer ook al aan,*
> *Wat koulik oor die douveld gaan."*

**67. Oud—oulik—oudagtig—bejaard—afgeleef.**

Oud is van 'n hoë leeftyd: *'n Man van 80 jaar is oud; 'n hond van 20 jaar is ook oud.* Verder beteken dit die leeftyd in die algemeen: *Hoe oud is die kind?*

Dis ook die teenoorgestelde van nuut: *Die jas is al oud.*

Oulik word gesê van jong mense wat handel asof hulle oud is: *'n Oulike seuntjie.* Ook word dit gebruik in die sin van vernuftig: *Maar hoor, dis 'n oulike plan.*

Oudagtig is oud van uiterlik: 'n *oudagtige* man is wel nie oud nie, maar hy lyk tog so; dis 'n soort diminutief van oud.

Bejaard druk uit dat iemand baie jare tel.

Afgeleef gee te kenne dat iemand se lewenskrag uitgeput is; dit kan wees deur ouderdom, of ook deur die stryd met die moeilikhede van die lewe: *Karel V was met 55 jaar al afgeleef en het hom uit die wêreld teruggetrek in 'n klooster.*

**68. Siek—siekerig—sieklik—krank—onwel—ongesteld—olik—kroes.**

Almal gee afwesigheid van gesondheid te kenne. Die gewone woord is siek.

Siekerig het 'n diminutiewe betekenis: *'n bietjie siek, nie heeltemal gesond nie.*

Sieklik beteken gedurig onderhewig aan 'n aanval van die een of ander siekte, en tog nie siek genoeg om die bed te hou nie. Ook gebruik ons die woord om uit te druk dat iets siek lyk: *'n sieklike kleur, 'n sieklike lag; 'n plant met 'n sieklike voorkome.*

Krank is die poëtiese term, wat ook in godsdienstige taal dikwels gebruik word: *'n Biduur vir krankes. Die mense het hulle krankes tot Jesus gebring.*

Onwel gee te kenne dat iemand nie heeltemal gesond voel nie. Die verskil tussen *onwel* en *siekerig* is dat *onwel* iets van korte duur is: *'n Vrou het uit die kerk uitgegaan omdat sy onwel geword het. Siekerig* duur langer en sluit die bygedagte in dat die toestand tot 'n werklike siekte mag ontwikkel.

Ongesteld: siekerig in geringe graad; dis nie ernstig nie.

Olik druk uit dat iemand 'n siekerige gevoel het; veral word dit gebruik om uit te druk dat iemand die gevolge van onmatigheid ondervind: *Na vrolikheid kom olikheid.*

Kroes dui ook 'n geringe mate van siek wees aan; dit het veral betrekking op die uiterlike voorkome, wat laat dink aan 'n siek dier, wie se hare hulle gewone gladheid mis.

### 69. Sterf—oorly—ontslaap—sneuwel—val—doodgaan—vrek.

Almal beteken uit die lewe uittree. Die gewone verloop van 'n menselewe is dat iemand op die end daarvan *sterf.*

Oorly beteken soveel as oorgaan van die een toestand in die ander. Dit word meestal gesê van bloedverwante of bekendes: *Oorlee Oom Hans; oorlee Pa.*

O n t s l a a p is 'n eerbiedige term; dit stel die dood voor as 'n slaap waarin iemand val, en dit word gewoonlik gesê van 'n sagte, kalme dood.

S n e u w e l is sterf op die slagveld deur die wapens van die vyand.

V a l word ook gesê van *sneuwel*, maar tewens van 'n gewelddadige dood in die algemeen: *Hy het deur die hand van 'n sluipmoordenaar geval.* Verder word dit ook gebruik om aan te dui dat iemand deur die dood ophou om 'n steun vir 'n ander te wees: *As haar man mog kom te val, sou die vrou in 'n beklaenswaardige toestand agterbly.*

D o o d g a a n word gewoonlik gesê van diere of plante; as diere aan 'n siekte beswyk, veral in geval van 'n epedemie, word meestal die woord v r e k gebruik.

## 70. Verag—minag.

V e r a g is die sterkste van die twee, kragtens die voorsetsel *ver-*, wat te kenne gee dat iets weggemaak word; as ek iemand *verag*, stoot ek hom heeltemal uit my agting weg.

M i n a g wil sê dat ek 'n persoon of saak geringer ag as wat hy is.

*Ons verag 'n landsverraaier; iemand minag sy teenstander.*

## 71. Bloedig—bloederig—bebloed.

B l o e d i g noem ons iets waarby bloed vloei: *'n bloedige geveg; 'n bloedige veldslag.*

Figuurlik beteken dit *onaangenaam*: *Die bloedige son skyn die hele dag op ons. Ek het my bloedig vererg.*

B l o e d e r i g word gesê van vleis en wonde waar bloed aan is: *'n Bloederige stuk vleis; 'n bloederige wond.*

B e b l o e d beteken *met bloed bevlek*: *bebloede hande van 'n slagter; 'n bebloede kledingstuk.*

**72. Dood—dooierig—doods—dooi; dodes—dooies.**

D o o d: leweloos. Attributief gebruik neem dit die vorm *dooi* aan: *'n Dooi mossie.*

D o o i e r i g: sonder lewendigheid of beweging: *'n Dooierige man, wat g'n woord sê en nooit lag nie; 'n dooierige straat.*

D o o d s: asof in teenwoordigheid van die dood: *'n Doodse stilte.* Ook: eensaam en verlate: *'n Doodse omgewing.*

Die Selfst. Naamw. d o d e druk eerbied of liefde uit: *Ons treur oor ons geliefde dode;* meerv. *dodes. Die dodeakker* (die kerkhof).

*Met dode-oë starend in die Wes* (Jan Celliers: die Murasie), d.i. met oë soos van 'n lyk.

As die element van liefde en eerbied afwesig is, sê ons dooies: *Na die slag word die dooies begrawe.*

Opm.—In plaas van *dooierig* word soms gesê *dooi,* maar dan met die buigings-*e*: *'n dooi hond;* maar *'n dooie vent.*

**73. Belangrik—belangwekkend.**

Belangrik is ryk aan belang, d.i. ryk aan gevolge wat uit 'n saak kan voortvloei: *Daar sal môre 'n belangrike vergadering gehou word, waartoe al die lede van die vereniging dringend uitgenooi word.*

Belangwekkend noem ons 'n saak as die aard daarvan sodanig is dat ons belangstelling gaande gemaak word. Eintlik moes ons dus sê: *belangstellingwekkend. In verband met die aanstaande verkiesing vermeld die koerant 'n paar belangwekkende besonderhede.*

**74. Belangstellend—belanghebbend.**

Belangstellend is iemand as hy besondere aandag aan iets wy; die oorsaak is dan dat daar in die saak iets is wat hom aantrek: *Die predikant het belangstellend gevra na die toestand van die sieke.*

Belanghebbend wil sê dat iemand tot sy voor- of nadeel in 'n saak betrokke is: *Alle belanghebbende persone in die insolvente boëdel word opgeroep om 'n vergadering by te woon.*

Die s.g. Indirekte Voorwerp in 'n sin word ook genoem die *Belanghebbende* Voorwerp, en dit staan in die datief van *voor- of nadeel,* soos dit in die Latynse grammatika genoem word (Eng. dative of advantage or disadvantage).

**75. Versigtig—omsigtig.**

Versigtig: wie versigtig iets doen, dra sorg om ongelukke te vermy: *Hulle dra die gewonde man versigtig weg. Jy moet die fyn glaswerk baie versigtig inpak.*

Omsigtig gee te kenne dat iemand na alkante uitsien watter gevare daar miskien is, sodat hy nie in moeilikheid moet kom nie: *Die spioen het baie omsigtig te werk gegaan.*

**76. Groot—groots.**

Groot is omvangryk, in omvang ander soortgelyke dinge oortreffende: *'n Groot stad; 'n groot fabriek.*

Figuurlik beteken dit dieselfde, maar dan met betrekking tot bekwaamheid en sedelike eienskappe: *'n Groot pianis; 'n groot skilder; 'n groot geleerde; 'n groot volksvriend.*

Groots is verhewe; iets is groots as dit deur sy meerderheid 'n diep indruk op die gemoed maak: *'n Grootse sonsondergang; grootse musiek; 'n grootse stryd.*

Ook kom dit nou en dan voor in die betekenis van *trots*:

> "*Wat sal ons groots wees as Boetie weer kom*"
> (Fagan).

**77. Innerlik—inwendig—innig; uiterlik—uitwendig.**

Innerlik staan teenoor uiterlik. *Uiterlik* het betrekking op die skyn of voorkome van 'n ding, soos dit hom na buite toe vertoon; innerlik daarenteë sien op wat in die wese van die saak geleë is. So kan ons bv. praat van die *innerlike* waarde van 'n vulpen en bedoel daarmee die koste van die materiaal waarvan dit gemaak is.

In figuurlike sin doel *innerlik* op die karakter of die gemoed van 'n mens: iemand is bv. *innerlik*

ongerus, al laat hy *uiterlik* niks daarvan merk nie. Iemand kan *uiterlik* ru wees en tog *innerlik* sag.

Inwendig beteken *binnekant* (letterlik: *binne die wande*) en het betrekking op die plek van die dele ten opsigte van die geheel: *'n Inwendige kwaal* is 'n kwaal wat nie aan die oppervlakte (uitwendig) te sien is nie. 'n Verswering aan die arm is *uitwendig;* 'n hartkwaal is *inwendig.* Die *inwendige* dele van 'n masien is die dele wat nie na buite toe sigbaar is nie.

Innig het heeltemal betrekking op die gemoed: *innig bly; innige vrindskap; ons het iemand innig lief.*

Verskil tussen: *innig bly* en *innerlik bly.*

## 78. Jonk—jeugdig.

Jonk word gesê van lewende wesens wat nog nie lank bestaan het nie: *'n jong kind; 'n jong perd.* Dit staan teenoor oud, as dit op lewende wesens betrekking het; of in 'n uitdrukking soos: *Die vereniging is nog jonk,* word vereniging geneem as 'n lewende wese. So ook in: *'n jong tydskrif.* In die oortreffende trap beteken dit soms soveel as *laaste*: *die jongste dag; die jongste ontdekking op die gebied van sterrekunde.*

Jeugdig word gesê met betrekking tot wat aan die jeug eie is: jeugdige voortvarendheid. Ook sien dit op die gemoedstemming, voorkome en optree van 'n ou persoon wat hom nog nie oud voel of nog nie oud lyk nie: *'n Jeugdige grysaard; jeugdige ywer van 'n bejaarde man.*

Let ook op die uitdrukking: *jeugdige leeftyd* teenoor *hoë leeftyd.*

79. **Ouderwets—oumodies.**

Ouderwets beteken op 'n ou manier, volgens ou wette en gebruike; dit omskryf wat tot die ou tyd behoort, maar vandag nie meer bekend of in gebruik is nie: *Ouma het nog 'n ouderwetse handtas. Ouderwetse meubels.*

Soms word dit ook gebruik in die sin van *oulik* of *vernuftig*: *Die seuntjie is baie ouderwets. Kyk hoe ouderwets het Jan daardie kissie gemaak.*

Oumodies is volgens 'n ou mode: *Rok en bloes is nou al 'n oumodiese kleredrag vir dames.*

80. **Indies—Indiaans.**

Indies is alles wat uit Indië afkomstig of daar inheems is: *Indiese sy; Indiese godsdienste; die Indiese vorste.*

Indiaans word op dieselfde manier gebruik vir alles wat betrekking het op die Amerikaanse Indiane of Rooihuide: *'n Indiaanse wigwam; wampum is 'n Indiaanse versiering met kraaltjies wat ook as ruilmiddel gebruik word.*

81. **Rekbaar—reklik.**

Rekbaar is alles wat gerek kan word: *Elastiek is rekbaar; sommige klerestowwe is rekbaar.*

Reklik word altyd figuurlik gebruik: *'n Reklike karakter; reklike bepalinge.* Dit is dan gewoonlik sinoniem met *toegewend, inskiklik.*

**82. Doelmatig—doeltreffend.**

Doelmatig beteken geskik om die doel daarmee te bereik: *'n Doelmatige inrigting om die huis te verwarm. Doelmatige instrumente.*

Doeltreffend word iets genoem as dit blyk dat die doel daarmee bereik word. *Die maatreëls van die outoriteite om die brandsiekte te bestry was doeltreffend.*

**83. Wettig—wetlik—wetties.**

Wettig is volgens wet.

Wetlik is deur 'n wet bepaal.

Wetties word gesê van iemand wat in alles die letter van die wet in ag neem, selfs al is dit ook teen die gees daarvan.

Ons kan iemand se dade afkeur, terwyl hy tog heeltemal *wettig* gehandel het. Daar is *wetlike* voorsiening gemaak omtrent huwelike. 'n *Wettiese* prokureur laat niks deurglip wat nie heeltemal met die voorskrifte van die wet ooreenkom nie. 'n *Wettiese Kristen* is iemand wat net soos die Fariseër sy saligheid verwag van die hou van die wet in alle fyn besonderhede.

**84. Verlig—belig.**

Verlig is met lig beskyn, letterlik en figuurlik: *'n Kamer is helder verlig; kennis verlig die verstand.*

Belig is ook verlig, maar rig hom op 'n bepaalde saak of 'n onderdeel van iets om dit duidelik in die oog te laat val. Ook dit kan letterlik en figuurlik gebruik word. *In 'n skouburg het hullé, behalwe die gewone middels om die toneel te verlig, ook spesiale*

*beweegbare lampe om sekere onderdele van 'n voorstelling te belig. 'n Skrywer kan* met doeltreffende woorde of die beskrywing van 'n daad *iemand se karakter belig. Die indruk van 'n skilderstuk hang vir 'n groot deel van die beligting af.*

**85. Ruiterlik—ridderlik.**

Ruiterlik is soos 'n perderuiter in die leër: reguit, maar dikwels ru.

Ridderlik is op die manier van 'n ridder in die ou dae: netjies en galant.

*Iemand kom ruiterlik vir die waarheid uit. Hy gedra hom ridderlik teenoor dames en teenoor die wat beskerming nodig het.*

**86. Uitdruklik—nadruklik.**

Uitdruklik is in duidelike woorde; nadruklik is met nadruk, met klem op die woorde. Iemand kan *uitdruklik* iets sê, en tog met 'n sagte stem; as hy egter *nadruklik* praat, lê hy 'n sterk klem op sy woorde.

**87. Kry—neem—vat; neem—bring.**

Kry beteken iets ontvang: *Ek het 'n presentjie gekry.* Of in die besit van iets kom: *Die kind kry tandjies.* Of teëkom: *Ons het langs die pad 'n slang gekry.* Ook word dit gesê as 'n uitnodiging om jou van iets te voorsien: *Kry nog wat van hierdie poeding.*

Neem is: jou in besit van iets stel: Hy neem 'n sigaar uit die kissie. Ook word dit gebruik in 'n aantal geykte uitdrukkings, soos: *die moeite neem*

*om iets te doen; die saak neem 'n wending; die spat neem;* ens.

Vat beteken aangryp, in letterlike en figuurlike sin: *Moenie aan die tafel vat nie, dis pas mooi gevryf. 'n Mens se verstand kan dit nie vat nie.* Ook het dit die betekenis van ongeoutoriseer of wederregtelik iets wegneem: *Moenie somar 'n ander se pen vat nie.*

Bring teenoor neem. Ons *bring* iets êrens *na toe;* ons *neem* iets êrens *weg. Bring die brief na die pos. Bring die koerant hier. Neem die brief saam as jy weggaan.*

Dis 'n anglisisme om te sê: Ek sal jou stasie-toe *neem;* dit behoort te wees: Ek sal jou stasie-toe *bring.*

Iemand kan sê: *Neem* my saam in jou kar en *bring* my na die winkel.

**88. Onthou—herinner.**

Iets te onthou is iets opsetlik in die geheue vashou; herinner beteken iets in die geheue terugroep. Ons probeer *onthou* wat iemand ons gesê het, wat ons gelees het, ens. Ons *herinner ons wat vroeër* gebeur het: iemand *herinner* ons aan ons belofte.

Aangesien die twee woorde in Engels gewoonlik altwee *remember* is, word hulle dikwels met mekaar verwar. Dis verkeerd om te sê: *Onthou* jy nog hoe ons saam 'n reis gemaak het? Dit moet wees: *Herinner* jy jou nog, ens.

Alleen in die sin van *remind* word hierdie vergissing nie gemaak nie en sê almal: Hierdie gebeurtenis *herinner* my weer aan iets wat ek vroeër bygewoon het.

**89. Kan—ken.**

Ken beteken dat iemand iets geleer het, of dat hy iemand ontmoet het of sy gees deurgrond (sien No. 90).

Kan beteken in staat wees om iets te doen: Ek *kan* 'n werk verrig. Iemand *kan* goed lewe, want sy inkomste is groot genoeg.

**90. Ken—weet.**

Ons ken 'n persoon met wie ons in aanraking gekom het. Hierby kan daar nog verskil in graad wees: ons kan hom ken in die sin dat ons hom al ontmoet het, dus oppervlakkig; of ook dat ons soveel met hom omgegaan het dat ons ook sy karakter deurgrond. Ons ken 'n ding as ons dit opsetlik geleer het: *Iemand ken die tafels van vermenigvuldiging.*

Wat ons weet, het ons gehoor of gelees of ondervind; ons het sekerheid omtrent die dinge wat ons weet: *Ek weet wat iemand my gesê het; ek moet weet wat ek doen; ek weet dat die reent my nat maak.*

**91. Verantwoordelik—aanspreeklik.**

Iemand is verantwoordelik vir sy dade en aanspreeklik vir skulde of vir skade wat hy aangerig het.

'n *Verantwoordelike* posiesie of pos is 'n betrekking waarin iemand op eie inisiatief handel, maar waarin hy dan ook die gevolge self moet dra.

'n Minister is *verantwoordelik* vir die bestuur van die land. As iemand my kar leen, is hy *verantwoordelik* vir die goeie toestand daarvan; en as hy skade daaraan teweeg bring, is hy *aanspreeklik* vir vergoeding.

**92. Oorsaak—rede; doel—gevolg.**

'n Oorsaak is 'n feit waaruit vanself 'n ander feit voortvloei: *Die plotselinge kou is oorsaak van baie siekte. Gedurige dronkenskap is oorsaak van agteruitgang in besigheid.*

'n Rede is 'n feit wat ons daartoe bring om opsetlik 'n handeling te verrig: *Ek het geldgebrek, en dit is die rede waarom ek vra om hulp.*

*Die oorsaak van my afwesigheid van 'n vergadering is die ongeluk waardeur my trein te laat gekom het;* (Ek kon dit nie help nie).

*Die rede van my afwesigheid is my teensin om oor daardie onderwerp te twis.* (Ek het opsetlik weggebly.)

Teenoor *oorsaak* staan gevolg; 'n gevolg vloei vanself uit 'n oorsaak voort: *Die siekte is 'n gevolg van die plotselinge kou.*

Teenoor *rede* staan doel; die *rede* is iets wat agter lê en wat my beweeg om iets te doen; die *doel* is iets wat voor lê en wat ek deur my handeling trag te bereik: *'n Ouer straf 'n kind met die doel om hom te verbeter.*

**93. Onmeetbaar—onmeetlik.**

Onmeetbaar is wat nie gemeet kan word nie. Gewoonlik word dit gesê van klein hoeveelhede: *onmeetbare* getalle (Eng. *surds*) is getalle wat gedurig verder in desimale uitgereken kan word, maar nooit presies nie.

Onmeetlik het ook die betekenis van wat nie gemeet kan word nie, maar word gesê van baie groot

dinge: *die onmeetlike oseaan; 'n onmeetlike vermoë, krag, vlakte.*

Ook is by *onmeetbaar* die gedagte aan 'n werklike meting aanwesig: by *onmeetlik* is dit nie so nie: *Die onmeetlike afstande van die sterre is vir die sterrekundiges nie onmeetbaar nie, en 'n onmeetlike vlakte is vir die landmeter nog wel meetbaar.*

**94. Profeteer—profiteer.**

Hierdie twee is geen sinonieme nie, maar word maklik met mekaar verwar.

P r o f e t e e r is voorspel; die wat dit doen is 'n profeet.

P r o f i t e e r is voordeel met iets doen: iemand *profiteer* by die plotselinge styging van die mark.

**95. Suinig—spaarsaam—gierig—vrekkig.**

Soos die woorde hier staan, vorm hulle 'n kliemaks.

S u i n i g gee te kenne dat iemand nie meer uitgee of gebruik as wat strik nodig is nie; bv. *Ons moet suinig wees met ons water, anders het ons dalk nie genoeg vir die reis nie.*

S p a a r s a a m wil sê dat iemand probeer om iets oor te hou: *Deur spaarsaamheid het die vrou meegewerk dat haar man die huis waarin hulle woon, kon koop.*

G i e r i g druk uit dat iemand so min moontlik wil afgee van wat hy het, selfs nie vir 'n goeie doel nie: *Daardie gierigaard gee niks uit ten bate van ander mense nie.*

V r e k k i g is gierig in hoë mate; 'n vrek bring geld bymekaar net vir die plesier om dit gedurig oor

te tel en daarna te kyk; en vir hierdie doel leef hy in vrywillige armoede.

S u i n i g word dikwels gebesig as 'n eufemisme vir *gierig;* so sal ons miskien sê: "Die ou vrou is baie suinig," terwyl ons bedoel: "Sy is baie gierig."

### 96. Wêrelds—wêreldlik.

W ê r e l d s sien op die neiging van die hart om hoofsaaklik waarde te heg aan materiële dinge en om singenot na te jaag. Dit staan teenoor *godsdienstig*: *wêreldse vermake; wêreldse* (d.i. wêreldsgesinde) *mense.*

W ê r e l d l i k staan teenoor *kerklik*: *Die wêreldlike mag van die Pous. Die kerk wil in sake van verskil nie die wêreldlike mag te hulp roep nie.*

### 97. Onderstand—ondersteuning—hulp—bystand.

H u l p is die algemene woord; dit kan stoflik of geestelik wees.

B y s t a n d is hulp in die vorm van arbeid: *'n Dokter verleen sy kollega bystand by 'n operasie.*

O n d e r s t a n d is geldelike hulp, dit sy deur aalmoese of deur werkverskaffing: *Die regering gee onderstand aan werkloses deur onderstandswerke. Die diakens is die kerklike amptenare wat onderstand aan die armes moet verleen.*

O n d e r s t e u n i n g is van 'n sedelike aard: *Iemand gee ondersteuing aan sy vrind in 'n versoek aan die regering. Die kiesers belowe hulle ondersteunnig aan 'n kandidaat in 'n verkiesing.*

In die laaste geval kan ons ook sê s t e u n, tog het *steun* gewoonlik 'n meer konkrete betekenis; dit

hou die bygedagte in dat iemand of iets daarsonder nie kan staan nie: *'n Kierie is vir 'n ouman 'n steun by die gaan; die oudste seun is 'n steun vir sy arm ouers.*

### 98. Bedryf—ambag—werk—beroep—roeping—handwerk—nering—amp.

Hierdie woorde het almal betrekking op wat die mense doen.

W e r k is die algemene term en slaan op liggaamlike sowel as geestelike inspanning van kragte.

B e r o e p is ook 'n algemene term; dit gee te kenne dat iemand 'n bepaalde werk tot sy lewenstaak gemaak het. Terwyl die woord *werk* toepaslik is op alle menslike aanwending van kragte, word *beroep* gebesig om aan te dui dat iemand se werk 'n deel uitmaak van al wat in 'n geordende maatskappy gedoen word.

R o e p i n g dui aan dat iemand sy werk verrig omdat hy hom deur God of deur 'n innerlike aandrang daartoe geroep voel. Ons praat daarom ook van 'n *lewensroeping*, nooit van 'n *lewensberoep* nie.

B e d r y f dui produktiewe arbeid aan: *die boerebedryf; die vissersbedryf.*

H a n d w e r k is alle werk wat met die hande verrig word en waarby krag en vaardigheid te pas kom; 'n *handwerk* is bv. klippe uitbreek, strate maak. houtsaag, ens.

A m b a g is 'n bepaalde soort handwerk, waarvoor iemand 'n leertyd moet deurmaak voordat hy die nodige bekwaamheid daarin kan bereik; ook vereis

dit meer verstand as die ander soorte handwerk: *die ambag van 'n timmerman, skoenmaker,* ens.

Nering is iemand se werk, opgevat as koswinning; die woord stam af van die ou Werkw. *neren,* d.i. onderhou of voed. Daarvandaan die spreekwoord: *Die tering na die nering sit.* Dit is van 'n wyer omvang as *ambag,* want dit omvat ook die winkelbedryf; maar vir verstandelike of geestelike werk word die term nie gebruik nie. *Iemand se "nering en hantering."*

Amp dui 'n werk aan in die diens van Staat of Kerk, waartoe iemand spesiaal aangestel is. Dit het alleen betrekking op verstandelike of geestelike werk. 'n Advokaat oefen 'n *beroep* uit; word hy as regter aangestel, dan beklee hy 'n *amp. In die Kerk het die predikant en die kerkraadslede elkeen 'n amp.*

**99. Bedrywigheid—drukte—besigheid.**

Bedrywigheid sien op die gewoel van mense met die doel om nuttige werk te verrig; ons kan praat van die *bedrywigheid in 'n fabriekstad, in 'n seehawe, op die mark.*

Drukte is die gewoel van mense in die strate, waarby ons nie op die doel daarvan let nie, maar net op die beweging self: *Daar is groot drukte by geleentheid van 'n volksfees, 'n vergadering, 'n tentoonstelling.*

Besigheid word gesê van handel, nie slegs in die algemeen nie, soos in: *Daar word teenswoordig baie besigheid gedoen; die besigheid van die land floreer;* maar ook in besonder van 'n winkelbedryf: *Mnr. W. het 'n besigheid in die Kerkstraat.* Ook kan

dit beteken die een of ander werk wat iemand se tyd in beslag neem of waarmee hy hom onledig hou: *Pa kan vanaand die vergadering nie bywoon nie want hy het ander besigheid. Om die verveling te verdryf, soek die gepensioneerde man allerhande besigheid: tuinmaak, reparasies aan sy huis, posseëls versamel, ens.*

**100. Krag—mag—sterkte—vermoë.**

Vermoë, afgelei van die Werkw. *mag* in die tyd toe dit nog die betekenis gehad het van *kan,* gee te kenne dat iemand tot iets in staat is. 'n Voël het bv. die *vermoë om te vlieg.* Ook beteken dit invloed: *'n Goeie raad van 'n vrind het altyd 'n groot vermoë op my hart.*

Krag is die oorsaak van beweging of van wysiging in 'n beweging: *die swaartekrag; 'n masjien van* 40 *perdekrag; die krag van die wind, van die water,* ens. In figuurlike sin dui dit aan die vermoë om iets uit te werk: *die krag van iemand se woord; kragtige spyse.*

Sterkte is weerstandsvermoë: *Deur die sterkte van sy gestel het die sieke deurgekom.* Kledingstof is *sterk* as dit lank kan hou. *'n Sterk stem* is nog hoorbaar bo die gedruis van 'n waterval uit.

Mag is die vermoë om invloed uit te oefen of om ander te onderwerp aan jou wil: *Die mag van die gewoonte; die mag van die woord; 'n leërmag; 'n magtige koning.*

**101. Openbaar—openlik.**

Openbaar is vir iedereen toeganklik, of aan iedereen bekend: *'n Openbare vergadering* is vir

iedereen toeganklik. 'n Saak word *openbaar gemaak* as dit tot die kennis van die publiek gebring word.

O p e n l i k is die teenoorgestelde van heimelik: *Ek verklaar hier openlik* (d.i. voor die publiek, sonder poging tot geheimhouding) *dat ek,* ens.

### 102. Buigbaar—buigsaam.

Die agtervoegsel *-baar* dui 'n geskiktheid aan om iets te ondergaan, terwyl *-saam* die neiging aandui om self iets te doen; m.a.w. die eerste het 'n passiewe betekenis, die twede 'n aktiewe.

B u i g b a a r is wat gebuig kan word.

B u i g s a a m is wat deur sy aard as 't ware saamwerk om gebuig te word. *'n Stuk eikehout is nie buigsaam nie;* want dit bied sterk teenstand; maar *dit is darem nog buigbaar,* as mens dit aan die een kant aan die vuur blootstel en die ander kant nat hou. *'n Wilgertak is buigsaam. 'n Buigsame (onbuigsame) karakter.* Hier kom *buigsaam* ooreen met *reklik.*

### 103. Kinderlik—kinderagtig—kinds.

K i n d e r l i k en k i n d e r a g t i g kom daarin ooreen, dat hulle altwee beteken: soos 'n kind; maar die eerste word gebruik in 'n gunstige, die ander in 'n ongunstige sin. *Kinderagtig* word gesê van volwassenes wat hulle so onverstandig en kleinlik gedra soos 'n kind. *Kinderlik* het veral betrekking op kinders, en as dit vir volwassenes gebruik word, gee dit te kenne die eenvoud en afwesigheid van pretensie waardeur iemand op 'n kind lyk. *Kinderagtige vrae; kinderagtige grappies. Kinderlik bly; kinderlik gelowig; 'n kinderlike vertroue.*

Kinds word in letterlike sin gesê van die leeftyd: *My kindse dae;* maar gewoonlik word dit gebruik om aan te dui dat 'n oumens in sy verstand weer agteruitgegaan het tot die toestand van 'n kind: *'n Kindse grysaard speel weer met houtpoppies en papierskepies.*

104. **Sorgloos—onbesorg.**

Sorgloos noem ons iemand as hy hom nie bekommer oor dinge waarvoor hy verantwoordelik is nie: *Deur sy sorgloosheid het hy sy besigheid laat verloop.*

Onbesorg beteken vry van sorge, veral omtrent die daelikse brood: *Deur 'n werksame en spaarsame lewe geniet hulle nou 'n onbesorgde oudag.*

105. **Geestelik—geestig—geesryk.**

Geestelik staan teenoor liggaamlik en beteken wat betrekking het op die gees; b.v. *geestelike* genot, teenoor singenot. Of dit staan teenoor wêreldlik; b.v. 'n Predikant het 'n *geestelike* amp.

Geestig is wat getuig van gees in die sin van vernuf, veral vernuf in die gebruik van woorde: dikwels is dit sinoniem met grappig: *'n geestige gesegde; 'n geestige antwoord bevat dikwels 'n woordspeling.*

Geesryk word gesê van sterk dranke; *gees* beteken dan alkohol.

106. **Onenigheid—geskil—verskil—twis—rusie—stryd—stryery—worsteling—tweedrag—krakeel.**

Onenigheid is gebrek aan ooreenstemming en die toestand wat daaruit voortvloei, sonder dat ver-

meld word waaroor die mense nie ooreenstem nie: *Daardie bure leef in gedurige onenigheid met mekaar.*

G e s k i l is gebrek aan ooreenstemming oor 'n bepaalde saak: *Daar het 'n geskil ontstaan oor 'n watervoor.*

V e r s k i l is 'n ongelykheid van opienie, wat egter geen aanleiding gee tot onaangenaamheid nie; *Daar was tussen hulle 'n verskil oor die bedoeling van 'n sekere paragraaf van die wet.*

T w i s is 'n geskil waarin weinig argumente gebruik word, maar bewering teenoor bewering gestel word, sonder veel poging om bewyse te lewer. In 'n twis is die een se "ja" net so goed as die ander se "nee."

S t r y e r y is dieselfde, maar dan gaan dit oor dinge wat nie eintlik die moeite werd is nie.

R u s i e is 'n twis waarby luid gepraat word; dikwels gaan dit gepaard met skelwoorde; die gemoedere word warm, en soms loop dit uit op 'n vegparty.

S t r y d is 'n verskil van opienie waarby oor en weer argumente gebruik word. Gewoonlik word stryd gevoer oor lewensbeginsels of wetenskaplike onderwerpe. Ook word die woord in poësie of verhewe prosa gebruik vir oorlog. *Sielestryd. Iemand is geval in die stryd vir vryheid en reg.* Daar is verskil tussen kerklike *twiste* en *kerkstryd.*

W o r s t e l i n g is 'n langdurige en sware stryd, hetsy 'n oorlog of 'n stryd op sedelike of geestelike gebied: *Die worsteling van twee klein republieke met 'n groot wêreldmag. Worstel in die gebed met God.*

T w e e d r a g is onenigheid waarby partye teenoor mekaar staan. Twee mense kan in onenigheid lewe,

maar nie in tweedrag nie, want vir die laaste is aan elke kant meer as een persoon nodig. *Tweedrag, sekte en muitery* word dikwels in een asem genoem.

K r a k e e l is 'n rusie soos tussen kinders, waarby geskreeu en geplukhaar word.

### 107. Prakseer—praktiseer.

P r a k s e e r is aanhoudend oor 'n saak dink: *Ek sit en prakseer hoe ek die werk moet aanvang.*

P r a k t i s e e r is die werk van 'n dokter of advokaat: *Dr. M. praktiseer nou al twintig jaar in ons dorp.*

### 108. Bekwaam—bevoeg.

B e k w a a m is vaardig in 'n werk; b e v o e g is geregtig om 'n werk te doen.

*Bekwaamheid* kry 'n mens deur oefening; *bevoegdheid* deur 'n wettelike verklaring of aanstelling, of ook deur 'n algemene erkenning van jou vaardigheid.

'n Sertifikaat maak iemand *bevoeg* om 'n sekere pos te beklee. Dit wil nog nie altyd sê dat so iemand ook *bekwaam* daartoe is nie. Die term "Sertifikaat van bekwaamheid" is dikwels misleidend. Iemand kan *bekwaam* wees, en tog nie *bevoeg* nie; en omgekeerd.

Hierdie twee woorde word in Afrikaans baie dikwels verkeerd gebruik.

### 109. Babbelaar—prater—spreker—redenaar.

In die volgorde waarin die woorde hier staan, vorm hulle 'n kliemaks.

'n B a b b e l a a r sê baie; sy mond staan selde stil; maar wat hy sê is totaal sonder waarde.

'n P r a t e r kan aangenaam oor allerhande sake van gedagte wissel, al is die onderwerpe daarvan gewoonlik maar van 'n alledaagse gehalte; diep gaan sy gesprekke nie.

'n S p r e k e r is iemand wat voor die publiek optree om 'n onderwerp te behandel, geleerd of populêr.

'n R e d e n a a r is ook 'n spreker, maar hy weet hom op treffende en grammatikaal korrekte manier uit te druk, sodat dit 'n genot is om na hom te luister.

*'n Drukke babbelaar; 'n gesellige prater; 'n vloeiende spreker; 'n wegslepende redenaar.*

110. **Belofte—gelofte.**

Altwee is toesegging dat iemand iets sal doen; die verskil is dat b e l o f t e van 'n algemene, en g e l o f t e van 'n godsdienstige aard is: *Hy het vertrek met die belofte om gou weer 'n slag oor te kom. 'n Gelofte aan God; 'n gelofte aan die vaderland.*

111. **Grootte—grootheid—grootsheid.**

G r o o t t e is omvang in letterlike sin: *die grootte van 'n huis, van 'n stuk land,* ens.

G r o o t h e i d is meerderheid in bekwaamheid of sedelike eienskappe: *Die grootheid van Beethoven as musikus; die grootheid van die Skepper.*

G r o o t s h e i d is verhewenheid, waardeur 'n saak 'n diepe indruk op die gemoed maak: *'n Grootse vertoning; 'n grootse bergwêreld; die grootse aanblik van die sterrehemel.*

112. **Letters—lettere.**

L e t t e r s is die tekentjies waarmee ons in geskrewe taal die klanke aandui.

L e t t e r e is die skriftelike voortbringsels, veral op die gebied van woordkuns, in 'n taal.

'n Woord van *so- of soveel letters.* 'n Tydskrif vir *lettere en kuns.*

113. **Daeliks—alledaags.**

D a e l i k s is wat alle dae plaasvind: *Ons daelikse werk; 'n daelikse wandeling; daelikse rantsoene.*

A l l e d a a g s beteken *gewoon,* deurdat ons dit elke dag sien. *'n Alledaagse* verskynsel wek geen verwondering meer nie.

A l l e d a a g s is altyd 'n Byvoeglike Naamwoord; d a e l i k s kan Byvoeglike Naamwoord of Bywoord wees: *'n daelikse bad* (Byv. Nw.); *ek neem daeliks 'n bad* (Byw.)

114. **Verneder—verootmoedig—verlaag.**

V e r o o t m o e d i g word altyd refleksief gebruik en hoofsaaklik met betrekking tot 'n mens se houding teenoor God: *Die goddelose koning Manasse het hom voor God verootmoedig.*

V e r n e d e r is ook gewoonlik refleksief en beteken dat iemand sy selfgevoel teenoor 'n ander persoon aflê, of vrywillig 'n hoë posiesie opgee om met 'n laer een tevrede te wees: *Napoleon het hom eendag verneder tot die rang van 'n gewone soldaat, om daardie man van 'n swaar straf te red. Die Bybel sê vir die sondaar: Verneder jou onder die kragtige hand van God.*

'n Enkele maal kom die woord ook gewoon oorganklik voor: *Daardie publieke berisping het my in die oë van my kennisse verneder.*

Verlaag kan beteken: iemand in 'n laer posiesie plaas: *Die kind is verlaag van Stand. III tot Stand. II.*

Refleksief het dit 'n baie ongunstige betekenis; dit gee te kenne 'n weggooi van alle gevoel van mensewaarde en sedelike verpligting: *Ek het nie gedink dat die man hom so sou verlaag om spioenwerk vir die vyand van sy volk te doen nie.*

**115. Sodat—so dat.**

Sodat is 'n Voegwoord van gevolg of van doel: *My broer is siek, sodat hy nie kan uitgaan nie. Ek sal die deur laat oopstaan, sodat jy kan inkom.*

So dat is 'n Bywoord met 'n gevolgaanduidende Voegw.: *Die skuld is so groot dat ek dit nie kan betaal nie. Die sieke kreun so dat ek daar naar van word.*

Die twee woordjies *so* en *dat* is in hierdie uitdrukking korrelatief, d.w.s. dat hulle altyd in verband met mekaar gebruik word.

**116. Reëlmatig—gereeld.**

Reëlmatig is volgens 'n reël: *'n Siekte het 'n reëlmatige verloop,* as dit gaan soos gewoonlik. *'n Reëlmatige asemhaling.* Dit is sinoniem met *normaal.*

Gereeld dui aan dat iets met gelyke tussenpose in 'n vasgestelde orde gebeur: *Die gereelde gang van 'n klokwerk. Die pos bring gereeld op die vasgestelde uur die briewe. 'n Gereelde leefwyse.*

**117. Waternood—watersnood.**

Waternood is nood deur gebrek aan water; watersnood is nood deur teveel water. In tyd

van droogte is daar in sommige streke *waternood*; by 'n oorstroming verkeer party mense in *watersnood.*

**118. Rade—rate.**

Rade is die Meervoud van *raad* in die betekenis van *bestuur*: *Stadsrade, kerkrade.* (*Raad* in die sin van *advies* het as Meervoud *raadgewinge*).

Rate is boergeneesmiddels: *Ons ou buurvrou het baie rate geweet vir allerhande ongesteldhede.*

**119. Swang—gang.**

Swang beteken *gebruik* of *mode*: *Kort rokke is teenswoordig in swang.*

Hierdie woord word dikwels verkeerd gebruik as 'n klakkelose vertaling van die Eng. *swing.* "The factory is in full swing" word dan in Afrikaans weergegee deur: Die fabriek is in volle swang. Dit behoort te wees: *in volle* gang.

**120. Opsig—op sig.**

Iemand het die opsig oor 'n saak, as hy moet toesien dat alles na behore gedoen word: *Opsig oor 'n eksamen, oor 'n boerdery, 'n plantasie, 'n fabriek,* ens.

Op sig wil sê dat iets aan iemand gestuur word om dit te bekyk: 'n Winkelier stuur 'n artiekel *op sig.* Die Engelse uitdrukking "on Appro" (= on approval) gee te kenne dat die ontvanger die artiekel moet goedkeur.

**121. Ongelyk—onewe—onpaar.**

Ongelyk sê dat daar verskil is tussen twee dinge: *Twee ongelyke karakters. Die osse trek ongelyk.* Ook beteken dit *hobbelrig*: *'n ongelyke pad.*

O n e w e word gesê van getalle wat nie deur 2 deelbaar is nie; die teenoorgestelde daarvan is *ewe* (wel deur 2 deelbaar).

Deurdat die Eng. *even* gewoonlik vertaal word deur *gelyk* (*an even plain='n gelyke vlakte*), en sowel onderwysers as kinders vroeër hulle rekenkunde deur Engels medium geleer het, het die foutiewe vertaling: *gelyke* en *ongelyke* getalle in die onderwys ingesluip. Maar *gelyke* getalle beteken getalle van dieselfde waarde: As Jan 5 albasters het en Piet het ook 5, dan is dit twee gelyke getalle; $x=y=z$ is 'n vergelyking van drie gelyke getalle; 3 en 4 is daarenteë ongelyke getalle.

O n p a a r word gesê van twee dinge wat gewoonlik simmetries bymekaar behoort, maar nou nie bymekaar pas nie: *twee onpaar skoene; onpaar handskoene,* d.i. twee regter- of linkerskoene of handskoene; of twee wat wel simmetries is, maar van verskillende maaksel, b.v. 'n swart regter- en 'n bruin linkerskoen.

**122. Soek—op soek.**

Hierdie twee, of juister gesê, die twede, word dikwels verkeerd gebruik.

As 'n ding weggeraak het, behoort ons te sê: *Die ding is soek.*

As iemand uitgaan om die verlorene te soek, behoort hy te sê: Ek is o p s o e k na iemand of iets.

Die fout wat so dikwels gemaak word, is dat iemand bv. sê: "My hoed is *o p s o e k,*" terwyl hy behoort te sê: "My hoed is *soek,* en ek is *op soek* daarna."

**123. Inteendeel—daarenteë.**

Altwee druk 'n teenstelling uit.

Inteendeel volg op 'n ontkennende sin en neem die saak wat daarin vermeld is weg, om iets anders daarvoor in die plek te stel: *Ek is glad nie bly oor die berig nie; inteendeel, dit maak my sielsbedroef.*

Daarenteë erken die waarheid van die eerste sin, maar stel 'n ander iets wat ook waar is, daarteenoor: *Jan is altyd ewe ywerig; Piet daarenteë probeer gedurig om sy pligte te ontduik.*

Daar word baie fout gemaak deurdat mense *inteendeel* gebruik waar hulle *daarenteë* behoort te sê.

**124. Kunstig—kunsmatig.**

Kunstig sê dat iets met kuns gemaak is: *'n Kunstige slot; kunstige snywerk.*

Kunsmatig staan teenoor *natuurlik*: *'n Kunsmatige fontein; kunsmatige visteelt; die aandeelmark word kunsmatig in die hoogte gedryf.*

**125. Teel—kweek—groei—verbou.**

Teel word gesê van diere: *Veeteelt; iemand boer om die helfte van die aanteel van die beeste.*

Kweek word gesê van plante: *groentes word gekweek; blomkwekery; kweekgras.*

Kweek kan soms gesê word van mense of diere, soos wanneer iemand vertel dat hy 'n sieklike kindjie of 'n hanslammetjie sorgvuldig opgekweek het; maar dan is dit beeldspraak, waarby die gedurige sorg by die grootmaak van 'n plantjie die grond van vergelyking uitmaak. So word ook 'n leerling-onderwyser 'n *kwekeling* genoem. Aan die ander kant word humus,

die fyn grondsoort vir die aankweek van blomme, ook *teelaarde* genoem, en praat ons ook van vrugte*teelt*. Hieruit is op te maak dat *teel* hoofsaaklik sien op voortbrenging, en kweek op die versorging.

N.B. Dis verkeerd om te sê: Ons *groei* koring, ons *groei tabak*. Dis 'n anglisisme, 'n regstreekse vertaling van *to grow wheat*, ens. Die regte Afrikaanse woord hiervoor is: *kweek* of *verbou*. *Verbou* het betrekking op landbou op 'n groot skaal.

**126. Besorg—versorg.**

As werkwoord beteken *besorg* (of *besôre*) iets op sy bestemde plek bring: *'n Pakkie aan sy adres te besorg*. Versorg beteken sorg aan iets bestee om dit goed op te pas: *Iemand versorg sy hoenders, sy tuin*, ens.

Besorg as Byvgl. Naamw. is *met 'n hart vol sorg* (in die sin van vrees): *'n Moeder is besorg vir die toekoms van haar kind. Wees nie besorg vir die dag van môre nie.*

Versorg as Byvgl. Naamw. is *met sorg opgepas. 'n Goed versorgde baard; goed versorgde vingernaels.*

**127. Sorgsaam—sorgvuldig.**

Die agtervoegsel *-saam* dui 'n geskiktheid of neiging aan vir die werking wat die grondwoord noem. So beteken sorgsaam: *geneig om te sorg*. Dit is 'n karaktertrek: *'n Sorgsame huismoeder; 'n sorgsame siekeverpleegster.*

Sorgvuldig dui die manier aan waarop iets gedoen word, nl. met inagneming van alle moontlike sorg: *'n Sorgvuldige verpleging; 'n sorgvuldige verpakking van glaswerk.*

Die twede deel van die woord is afgelei van die Werkw. *vou*: as 'n ding gevou word, kom dit in lae op mekaar te lê. So dui dit 'n opeenhoping aan.

*Opm.*—In die woord *sorgvuldigheid* van hierdie wêreld (Mat. 13 vs. 22) kom die betekenis van die agtervoegsel *-vuldig* duidelik uit.

**128. Dienstig—gedienstig—diensbaar.**

Dienstig is *geskik vir 'n sekere doel*: *'n Voorhamer is nie dienstig om 'n gat in 'n plank te boor nie.*

Gedienstig is altyd gewillig om te dien: *'n Gedienstige vrind; 'n gedienstige gees* (=gewillige helper).

Diensbaar is in 'n dienende posiesie: *Israel was diensbaar in Egipte. Ons maak 'n omstandigheid aan ons planne diensbaar.*

**129. Vergelyk—vergelyking.**

'n Vergelyk is 'n ooreenkoms tussen twee partye, waardeur 'n verskil uit die weg geruim word: *Daar was lank onenigheid tussen die bure oor die gebruik van die water uit die spruit, maar uiteindelik het hulle tot 'n vergelyk gekom.*

'n Vergelyking is 'n opsomming van die punte van ooreenkoms en verskil tussen twee sake: *Ons maak 'n vergelyking tussen die vroeër en die teenswoordige maatskappy.* In die wiskunde is 'n *vergelyking* 'n verbinding van twee waardes deur die teken =, bv.:

$$3x+47=7x-27$$

**130. Ontstoke—verstoke.**

Hierdie twee word dikwels met mekaar verwar.

Ontstoke beteken letterlik *aangesteek*, soos 'n vuur. Die figuurlike gebruik van die woord wek dan ook altyd die gedagte aan 'n vuur: *Iemand se toorn is ontstoke; 'n wond lyk ontstoke* (as dit daar vurig uitsien).

Verstoke is glad iets anders: letterlik beteken dit *weggesteek;* in sy figuurlike betekenis laat dit ook dink aan iets wat weggesteek is: *Verstoke van alle hulp* (=sonder enige hulp; die idee is dat jy weggesteek is, sodat die hulp jou nie kan bykom nie); *buitemense is verstoke van baie geriewe wat stadsmense het.*

Dis verkeerd om in hierdie voorbeelde *ontstoke* te sê.

**131. End—ent.**

End is einde; *aan alle aardse blydskap en droefheid kom 'n end.*

Ent is 'n takkie wat van een boom op 'n ander oorgeplaas word. Ook het dit die betekenis van *distansie*: *Ons het daeliks hele ente met ons vrind gestap. 'n Ent lyn.*

**132. Droefheid—droefenis.**

Droefheid is die gemoedstoestand van iemand wat bedroef is; droefenis is die omstandigheid waarin 'n bedroefde persoon verkeer en waardeur die droefheid veroorsaak word: *In al haar droefenis het die arme weduwee nog die hoop op God behou.*

**133. Stad—stat.**

'n S t a d is 'n woonplek van witmense (Meerv. *stede*). 'n S t a t is 'n groep kafferhuise (Meerv. *statte*). Verder is daar nog die verskil dat alleen groot plekke met baie inwoners *stede* genoem word; anders is dit *dorpe* of selfs *gehugte* (versamelinge van huise wat nie 'n eie bestuur het nie); terwyl *stat* die algemene benaming is vir alle inboorlingplekke op die platteland, groot en klein. So is bv. die plek waar die huise van plaaskaffers bymekaar staan, 'n *stat*, al woon daar ook maar enkele huisgesinne.

**134. Verwonderd—verbaas—versteld.**

Ons is v e r w o n d e r d as 'n saak anders is as wat ons verwag het. As die verskil tussen ons verwagting en die werklikheid baie groot is, is ons v e r b a a s; die woord druk uit dat die saak ons begrip te bowe gaan.

V e r s t e l d is nog erger, want as ons versteld staan van iets, raak ons deur die teenstrydigheid tussen ons verwagting en die werklikheid heeltemal die kluts kwyt; ons verstand staan stil daarvoor.

**135. Toestemming—instemming.**

T o e s t e m m i n g is 'n verlof wat gegee word om iets te verrig; dis 'n gunstige antwoord op 'n versoek: *Die vader gee aan sy kinders toestemming om te gaan piekniek hou.* (Dit sluit in dat die kinders daarom gevra het).

I n s t e m m i n g is 'n verklaring van gelykheid van opienie: *Iemand luister met instemming na 'n redevoering.* (Hy is dit met die spreker eens.)

**136. Klassiek—klassikaal.**

Klassiek is alles wat in hom die altydblywende elemente van skoonheid dra. Van al wat die oudheid aan kuns opgelewer het, is baie verlore gegaan of vergeet, maar die *klassieke* voortbrengsels het bly bestaan en word nog bewonder. Dis 'n misverstand om *klassiek* te beskou as sinoniem met *oud*: daar ontstaan tot vandag toe nog altyd klassieke voortbrengsels van kuns. Ruskin het die onderskeid gemaak tussen "books for the hour" en "books for all times"; laasgenoemde is klassieke literatuur, die eerste voldoen maar aan 'n verbygaande modesmaak.

*Klassieke boukuns, skilderkuns, musiek,* ens.

Klassikaal is 'n onderwysterm, wat aandui dat onderwys gegee word aan 'n aantal leerlinge tegelyk. Dit staan teenoor *hoofdelike* onderwys.

*Opm.* Deurdat die Engelse taal maar een woord het vir beide begrippe (*classical*) praat sommige Afrikaners verkeerdelik van klassikale musiek.

Dis uit bo-staande ook duidelik dat as iemand sê: "Ek hou nie van klassieke musiek nie," hy soveel te kenne gee as dat hy nie van die beste musiek hou nie en 'n mens dus vir hom 'n minder soort moet gee.

**137. Volledig—voltallig.**

As by telling blyk dat alle eenhede van 'n versameling bymekaar is, gebruik ons die woord voltallig, *om uit te druk dat die getal vol is: 'n Voltalige vergadering* (alle lede is teenwoordig); *'n voltallige orkes* (al die spelers is daar), ens.

V o l l e d i g druk uit dat alle onderdele van 'n geheel aanwesig is: in 'n volledige beskrywing van 'n saak word alles wat daartoe behoort, behandel. *'n Volledige versameling van Suidafrikaanse posseëls. Die volledige teks van 'n wet.*

**138. Skitter—sketter.**

Wat s k i t t e r is vir die oog, is s k e t t e r vir die oor: 'n diamant of 'n gepolyste oppervlakte *skitter;* 'n trompet *sketter.* Die eerste is 'n gedurig herhaalde uitstraling van skerp lig, die ander 'n gedurige herhaling van 'n skerp geluid.

**139. Flikker—flakker.**

Die verskil tussen f l i k k e r en f l a k k e r is dat die eerste gesien en die twede gehoor word: 'n vlam flikker vir die oog en flakker vir die oor.

*Flakker* verskil van *knetter* hierin, dat die eerste 'n geluid van vlamme aandui wat klink soos die gewapper van 'n vlag of seil, terwyl die twede die geluid is van 'n brandende voorwerp wat aanhoudend klein-klein uitmekaar spat: *Die wind laat die vuur flakker* (dis 'n bol geluid); *die houtvuur knetter* (dis 'n skerp geluid).

**140. Kabbel—babbel.**

K a b b e l (frekwentatief van *kap*) is die geluid van water wat met klein golfies teen 'n wal slaan: *Die spruitjie kabbel teen die oewer, teen die rand van 'n skuitjie,* ens.

B a b b e l is die gepraat van kinders, of as dit grootmense is wat babbel, dan dui die woord aan dat hulle gesprek nie meer werd is as kinderpraat nie.

N.B. Die spruitjie *babbel* nie, maar *kabbel. Babbel* vir Eng. "babble" is 'n anglisisme.

*The babbling brook=Die kabbelende spruitjie.*

*Die babbelende kinders=The chattering children.*

**141. Ontdekking—uitvinding—uitvindsel.**

Ontdekking is letterlik die wegneem van 'n deksel of bedekking; die saak wat ontdek word was al daar, maar niemand het daarvan geweet nie; deur die ontdekking word dit openbaar: *Die ontdekking van Amerika; die ontdekking van die X-strale, van die mane van Jupiter, van 'n geheim,* ens.

Uitvinding gee te kenne dat iets vroeër nie bestaan het nie, maar deur studie, ondersoek of nadink tot stand gekom het: *Die uitvinding van die buskruit, van die boekdrukkuns, van die telefoon,* ens.

Uitvindsel word deur sommige gebruik as sinoniem met *uitvinding;* maar ten onregte. Aan die woord *uitvindsel* kleef altyd 'n bygedagte van afkeuring: *'n opgedagte ekskusie,—'n waardelose toestel wat iemand uitgevind het, is uitvindsels.*

**142. Afdruk—afdruksel.**

'n Afdruk is 'n gedrukte kopie van 'n geskrewe stuk, 'n tekening of iets dergeliks; ook is dit 'n merk wat agtergebly het van 'n voorwerp wat met 'n ander voorwerp in aanraking gewees het, indien nl. die merk die vorm van die drukkende voorwerp vertoon: *'n Afdruk van 'n raadsbesluit; 'n afdruk van 'n ets op kunspapier; 'n afdruk van 'n mensevoet in die grond, van 'n hand op 'n vensterruit.*

'n Afdruksel word deur die huisvrou gemaak; as sy klein koekies gaan bak, maak sy die deeg, rol dit plat uit en druk daarin met 'n metaalvormpie, wat die koekies uitsny. Hierdie stukkies deeg, wat nog nie gebak is nie, is *afdruksels*.

**143. Verwondering—bewondering.**

As dinge heeltemal anders is as wat ons verwag het, verwonder ons ons. Daar is in verwondering altyd enigermate 'n element van teleurstelling.

Bewondering sluit 'n sekere verering in, omdat ons erken dat die persoon vir wie ons bewondering koester, in sekere opsigte ons meerdere is; of dat die werk wat ons bewonder, meer is as wat ons self sou kon gedoen het.

**144. Hinder—belemmer—verhinder—belet.**

Soos die vier hier staan, vorm hulle 'n kliemaks.

Hinder is veroorsaak dat iemand nie gemaklik kan werk nie; die werk gaan wel deur, maar minder vlot as wat dit behoort te gaan. 'n Gedagte wat elke slag terugkeer, kan *iemand hinder in sy verstandelike werk; 'n rumatiekige arm hinder by 'n handewerk.*

Belemmer gee te kenne dat 'n werk tydelik moet ophou: *Die reën belemmer die voortgang van 'n rytuig; 'n stukkende wa in die middel van die straat belemmer die verkeer,* ens.

Verhinder druk volgens sy vorming met die voorvoegsel *ver*—uit dat 'n handeling nie kan uitgevoer word nie (vgl. *verbrand*—teniet maak deur brand). Iets word verhinder deur ongunstige omstandighede: *Die reën het my verhinder om by my buurman te*

*gaan kuier. Die laat aankoms van die trein het my verhinder om 'n plegtigheid by te woon.*
B e l e t wil sê dat die wil van 'n ander iemand se werk totaal stop sit: *'n Kind wil kwaad doen, maar die moeder belet dit*: sy maak dit onmoontlik. By uitbreiding het die woord ook die betekenis van *verbied*: *Iemand belet die deurry deur sy plaas.*

### 145. **Afdanking—bedanking—dankbetuiging.**

As iemand deur sy meerderes uit 'n pos ontslaan word, kry hy 'n a f d a n k i n g: *Gehuurde troepe word na 'n oorlog afgedank; so ook arbeiders, as die werk waarvoor hulle aangeneem was, klaar is.*

Tree iemand uit eie beweging uit 'n pos uit, dan is dit 'n b e d a n k i n g; *Hy stuur sy bedanking in.* Die verskil is dus dat iemand self *bedank,* maar deur sy werkgewer *afgedank* word.

D a n k b e t u i g i n g is die formele uiting van dankbaarheid vir ontvange weldade of gunste: *Dankbetuiging vir betoonde belangstelling by 'n huwelik of sterfgeval.*

### 146. **Bedrieg—fop—kul—verneuk—om die bos lei.**

Die algemene betekenis van hierdie woorde word uitgedruk deur b e d r i e g, wat soveel beteken as om iemand 'n verdraaiing van die waarheid te laat glo.

F o p en k u l is minder sterk in gevoelswaarde. F o p kan selfs gebruik word vir 'n goedaardige of spelende bedrieëry. So word bv. 'n suigspeentjie vir 'n kind 'n *foppertjie* genoem. K u l daarenteë het altyd 'n onaangename betekenis, want dit veroorsaak skade of teleurstelling vir die betrokke persoon. Dit

word ook refleksief gebruik, as iemand deur sy eie verkeerde voorstelling van sake dinge doen waardeur hyself skade ly: *Hy het homself gekul.*

V e r n e u k het 'n sterker gevoelswaarde as bedrieg; dit stel die bedrieëry voor as iets laags en gemeens. Daarom word die woord deur sommige vermy, soos o.a. blyk uit die poging om die naam van die snelmotorbaan op Verneukpan deur 'n ander te vervang.

O m d i e b o s l e i word gesê van 'n opsetlike poging om deur 'n verkeerde voorstelling van sake iemand van sy eie plan af te bring en hom sonder dat hy dit vooruit kan sien, tot 'n resultaat te bring wat hy nie gewens het nie.

**147. Afkondig—aankondig—publiseer—bekendmaak.**

Van hierdie vier het b e k e n d m a a k die mees algemene betekenis; dit sluit die orige drie in. Die verskil tussen *afkondig, aankondig* en *publiseer* lê in die inhoud van die bekendmaking en die manier waarop dit geskied.

A f k o n d i g beteken offisiëel iets bekend maak wat die publiek moet weet: *'n Regeringsbesluit word afgekondig;* so ook *die huweliksgebooie* van 'n paar wat wil trou, *'n wet,* ens. Afkondiging geskied mondeling.

P u b l i s e e r geskied deur die pers: *Allerhande nuus, wette, besluite, statute van verenigingе, boekwerke,* ens. *word gepubliseer,* d.i. deur die druk onder die publiek versprei.

Aankondig is die bekendmaak van dinge wat nog moet gebeur: *Die koms van iemand word aangekondig; profete kondig die oordele en strawwe van God aan,* ens. Dus: die *huweliksgebooie* word *afgekondig,* en die voorgenome *huwelik* word *aangekondig.*

### 148. Roering—beroering—ontroering.

Roering is beweging. Dit word gewoonlik gesê van 'n begin van beweging onder mense na 'n tyd van stilstand: *Vir 'n lang tyd het die Afrikaanse volk berus in die agterstelling van hulle taal; maar na die driejarige oorlog het daar op taalgebied orals roering gekom.*

Beroering is 'n roering uit verbaasdheid: *Die inhegtenisneming van verskeie vooraanstaande persone deur die regering het groot beroering in die land teweeg gebring.* Soms wys dit op 'n neiging om aktief oproerig op te tree; as die volk in *beroering* raak, kan 'n mens elke oomblik 'n gewapende konflik tussen volk en regering verwag.

### 149. Opsetlik—moedswillig—met voorbedagte rade.

Aldrie gee te kenne dat iemand iets doen uit eie vrye beweging.

Opsetlik wek die bygedagte dat iemand iets doen om 'n doel te bereik: *Iemand laat opsetlik die deur oop staan* om te kan sien wat daarbuite gebeur.

Moedswillig gee te kenne dat iemand welbewus 'n daad verrig wat slegte gevolge sal hê: *Moedswillig iets verniel; 'n kind wat moedswillig ongehoorsaam is.*

M e t v o o r b e d a g t e r a d e dui aan dat die plan vir 'n daad eers goed oorweeg en agtermekaar gesit is; dit word altyd gesê met betrekking tot 'n misdaad: *'n Moord met voorbedagte rade.*

**150. Leen—verleen—ontleen.**

L e e n het twee betekenisse: iets in tydelike gebruik gee, en iets in tydelike gebruik ontvang (Eng. *lend* en *borrow*). In die twede betekenis kan ook gesê word o n t l e e n (Spr. 22 vs. 7); maar hierdie woord word gewoonlik gebruik om aan te dui dat iemand 'n *idee* van 'n ander oorneem (ook sonder die laasgenoemde se toestemming) om daarvan vir sy eie doeleindes gebruik te maak; bv. (in 'n koerantartiekel): *Aan 'n verslag oor ons mynindustrie ontleen ons die volgende statistieke opgawe.*

V e r l e e n is gee as 'n guns: *Die regering verleen sy toestemming tot 'n onderneming. God verleen krag na kruis.*

**151. Donker—duister.**

D u i s t e r dui 'n algehele afwesigheid van lig aan: *Die duisternis van die nag; sonsverduistering; "die buitenste duisternis"; in die duister rondtas.*

D o n k e r is 'n meerder of minder mate van afwesigheid van lig: *'n Kamer is donker as daar nie genoeg vensters in is nie; 'n donker lug; donker kleure.*

In figuurlike sin staan *duister* vir *onbegryplik, onverklaarbaar, ondeurdringbaar vir die verstand: 'n Duister geheim; 'n duister vermoede; 'n duistere aanduiding. Die kalkoen,* sê Totius, *teken sy slange in die pad se stof*

*"Met duister vlerkgebaar."*

*Donker* in figuurlike sin is onheilspellend, dreigend: *'n Donker toekoms; donker tye; iemand kyk donker.*

"Die toekoms is vir my duister" wil sê dat ek nie weet wat sal gebeur nie; dit kan net sowel goed as sleg wees.

"Die toekoms is vir my donker" word gesê as 'n mens in die verwagting van ongeluk of teenspoed leef.

**152. Hartelik—hartig—hartgrondig.**

H a r t e l i k gee te kenne dat iets die uitdrukking is van die gevoel van die hart; in baie gevalle is dit sinoniem met *vrindelik*, in ander met *opreg*: *'n hartelike ontvangs; hartelik bly.*

H a r t i g wil sê dat iemand se hart in sy woorde spreek: dit kan soms vervang word deur *deeglik*: *'n hartige woord is 'n kragtige, deeglike toespraak.*

H a r t g r o n d i g beteken dat iets uit die diepte van die hart voortkom: *'n hartgrondige afkeer van die leuen; 'n hartgrondige begeerte om in vrindskap met die bure te lewe.*

**153. Mooi—pragtig—fraai.**

M o o i is strelend vir oog of oor: *Mooi weer; 'n mooi pak klere; mooi musiek.*

P r a g t i g is sterker as *mooi;* dit gee 'n indruk van oordadigheid of kosbaarheid: *'n Pragtige paleis; pragtige versieringe.* Prag kan nie gehoor word nie.

F r a a i dui aan dat iets opsetlik mooi gemaak is; daarom praat ons van *verfraai* vir *mooier maak, 'n Fraaie val* in die musiek laat dink aan gekunsteldheid. Ook praat ons met minagting van "fraaiigheid."

**154. Wandel—wandeling.**

W a n d e l i n g is 'n klein voetreisie, gewoonlik vir plesier of ontspanning.

W a n d e l word gesê van iemand se lewensgedrag: *Iemand is van 'n voorbeeldige wandel. In sy handel en wandel is hy onberisplik.*

**155. Bed—bedding—kooigoed.**

'n B e d is 'n slaapplek; 'n b e d d i n g is die geul waardeur 'n rivier stroom; ook is dit 'n toebereide plek waar blomme of groente gekweek word.

Soms word dit gesê van strooi om in stalle vir die diere te gooi om op te lê; maar dit is 'n anglisisme, waarby die Eng. woord "bedding" oorgeneem word; die Afrikaanse woord is *kooigoed*.

**156. Verplaas—oorplaas—vervang.**

Ons v e r p l a a s 'n voorwerp as ons dit op 'n ander plek sit: *Ek het die tafel verplaas van die venster na die middel van die kamer.*

O o r p l a a s word gesê van persone wat deur hulle outoriteite van een plek na 'n ander gestuur word om in dieselfde werk besig te wees: *Ons posmeester is oorgeplaas na X.* In hierdie sin kan ons ook *verplaas* gebruik.

V e r v a n g beteken iets of iemand in die plek van iets of iemand anders stel: *Ons het die vloertapyte vervang deur linoleum. Ons magistraat, Mnr. P., sal vervang word deur Mnr. M.*

N.B. Deurdat *vervang* in Eng. *replace* is, hoor mens dikwels dat gesê word: Ons magistraat, Mnr. P., sal deur Mnr. M. *verplaas* word. Dit is 'n fout. As Mnr.

M. die magistraat wil verplaas, moet Mnr. M. minister van justiesie wees, want dié alleen het die reg daartoe. Maar as Mnr. M. self ook magistraat is en hy wil Mnr. P. verplaas, moet hy hom liggaamlik oplig en op 'n ander plek neersit, soos hy bv. 'n stoel sou verplaas.

### 157. Vorms—vorme.

Die eerste is kónkreet: *Die vorms waarin klei gepers word om stene te maak; die vorms vir die giet van beelde; vorms wat ingevul moet word vir 'n applikasie.*

Die twede is abstrak: *Die beleefde vorme wat in 'n beskaafde maatskappy in ag geneem word; die vorme wat 'n woord in sy buiging aanneem.*

Ook beteken vorme *fatsoene*: *allerhande vorme van dameshoede word op ooreenkomstige vorms* (houtblokke) *gemaak.*

### 158. Onrustig—ongerus—rusteloos.

R u s t e l o o s is sonder rus, sonder ophou: *Die rustelose gewoel in 'n groot stad; die rustelose bedrywigheid in 'n fabriek.*

O n g e r u s dui 'n gemoedstoestand aan, waarin iemand vrees dat iets verkeerds sal gaan gebeur: *'n Moeder is ongerus as haar kind te lank uitbly.*

O n r u s t i g dui aan dat liggaamlike of geestelike rus ontbreek; dis dikwels 'n uiterlike teken van 'n ongeruste gemoed: *Iemand loop onrustig in sy kamer heen en weer. 'n Sieke is soms onrustig*: hy woel in sy slaap rond, en dit maak sy vrou *ongerus.*

**159. Gelate—gedwee.**

Gelate dui aan dat iemand sonder teenweer of gemor oor hom laat gaan wat die lot oor hom beskik: *Iemand is gelate onder teenspoed.*

Gedwee wil sê dat iemand sonder teenspraak doen wat hom opgedra word; dit wek altyd die bygedagte dat iemand deur 'n sterker wil tot hierdie gemoedstoestand gebring is: *Hy is nou so gedwee soos 'n lammetjie* (Dit sluit in dat hy vroeër opstandig was).

**160. Skerp—snedig.**

Skerp is die gewone woord soos dit gebesig word vir snydende of stekende voorwerpe: *'n Skerp mes; 'n skerp naald.*

Figuurlik word *skerp* gebruik om aan te dui dat iets 'n kragtige en op die duur vernielende werking op ander dinge uitoefen: *Skerp sure, 'n skerpe koue, skerp lig.* Of ook dat iets diep deurdring: *'n Skerp verstand; 'n skerp aanmerking.*

Snedig, wat letterlik snydende beteken, word nooit gebruik met betrekking tot skerp voorwerpe nie, maar altyd met betrekking tot iets wat gesê word. Dit beteken dan: geestig en net gepas: *'n snedige opmerking.*

**161. Tydelik—tydig—betyds—intyds.**

Tydelik beteken vir 'n tyd en staan teenoor permanent: *'n Tydelike pos.* Ook staan dit teenoor ewig: *Hy het die tydelike met die ewige verwissel* (Hy het gesterf).

Tydig beteken vroeg, 'n bietjie voor die bestemde tyd: *Die tydige aankoms van die skip het die reisi-*

*gers in staat gestel om nog met die namiddagtrein verder te gaan. 'n Tydige waarskuwing.*

B e t y d s beteken vroeg genoeg in verband met iets wat moet gebeur: *Ek het hom betyds gewaarsku,* d.i. vroeg genoeg om sy maatreëls te kan neem vir 'n komende gebeurtenis.

I n t y d s het dieselfde betekenis, maar gee te kenne dat daar geen tyd te verloor was nie: *Ons het nog intyds by die stasie gekom; die trein was op die punt om te vertrek.*

**162. Duiwels—duiwelagtig.**

D u i w e l s is met die geaardheid van 'n duiwel: *Duiwelse luste; duiwelse vermaak in iemand se leed.* D u i w e l a g t i g is wat soos 'n duiwel lyk: *'n Duiwelagtige aansien; 'n duiwelagtige voorkome.*

**163. Vernietig—verniel—verdelg—verwoes—uitdelg.**

V e r n i e t i g is tot niet maak.

V e r n i e l is oorspronklik dieselfde woord; maar in ons hedendaagse taal het *vernietig* 'n sterker betekenis as *verniel;* as iets *vernietig* is, bly daar niks van oor nie; as dit *verniel* is, is daar nog oorblyfsels.

V e r d e l g beteken uitwis en wek die bygedagte aan iets soos die sondvloed. Dit word gebruik met betrekking tot lewende wesens: *'n Verdelgingsoorlog: met die asem van Sy mond sal God die sondaars verdelg.* (*Uitdelg* word gesê van skulde).

V e r w o e s beteken woes maak; dit word gesê van landskappe, stede en dorpe: *Die oorlog het die land*

*verwoes.* Ook word dit figuurlik gesê van geluk, gesondheid en dgl.: *Verwoeste huweliksgeluk; deur 'n ongebonde lewe kan iemand sy gesondheid verwoes.*

**164. Besoek—besoeking.**

Die Werkw. *besoek* het twee betekenisse: (1) 'n visiete maak: *die bure besoek mekaar dikwels;* (2) straf: *God besoek die misdade van die vaders aan die kinders; die besoekende hand van God.*

As Selfst. Naamw. staan b e s o e k in verband met die eerste betekenis van die Werkw.: *Ons bring iemand 'n besoek.*

B e s o e k i n g is afgelei van die Werkw. in sy twede betekenis: *Die siekte in sy huisgesin was 'n sware besoeking vir ons vrind.*

**165. Billik—redelik; onbillik—onredelik, redeloos.**

B i l l i k is iets wat met ons regsgevoel ooreenkom; die ou woord *bil* beteken dan ook *reg* (dink aan die Eng. *bill*=wetsvoorstel). *'n Billike reëling; 'n billike prys; 'n billike beoordeling; 'n billike behandeling.*

R e d e l i k beteken (1) met rede (=verstand) begaaf: *Die mens is 'n redelike wese;* (2) ooreenkomende met die rede: *'n Redelike uitleg van 'n saak; 'n redelike beskouing.*

O n b i l l i k staan teenoor *billik.*

Teenoor *redelik* in die eersgenoemde betekenis staan redeloos: *redelose diere.* Teenoor die twede betekenis van *redelik* staan o n r e d e l i k: *'n Onredelike beskuldiging.* Tog word dikwels gesê: *'n onredelike eis,* wat eintlik moes wees: *'n onbillike eis.*

**166. Vertroubaar—vertroud.**

Vertroubaar wil sê dat 'n persoon vertrou kan word; ons vra bv. *of iemand vertroubaar is,* sodat ons hom 'n opdrag kan gee sonder vrees dat hy dit nie sal uitvoer nie. *Ons kry vertroubare informasie, put ons kennis uit 'n vertroubare bron.*

Vertroud word gesê van iemand, veral van 'n bediende, wat gewys het dat ons hom kan vertrou. 'n *Vertroude* bediende is gewoonlik al vir 'n lang tyd in iemand se diens gewees. Ook beteken dit: goed genoeg bekend met iets om dit behoorlik te kan gebruik: *My vriend is goed vertroud met die Franse taal. Ons Hotnot is goed vertroud met kar en perde.*

**167. Verskil—onderskeid—onderskeiding.**

Onderskeid is verskil; tog is die twee nie geheel dieselfde nie. Die eerste is meer kunsmatig as die twede. 'n Verskil is meestal maklik te sien; 'n onderskeid vereis soms fyn oplet. *Daar is 'n duidelike verskil tussen 'n skaap en 'n bok; maar om skape van verskillende eienaars uit mekaar uit te ken, word merke gemaak wat hulle van mekaar onderskei.*

Onderskeiding is 'n eervolle behandeling wat iemand bo ander mense aangedoen word: *Om sy grote verdienste word die geëerde gas met onderskeiding behandel.*

**168. Verskillend—verskeie.**

Alhoewel die twee woorde oorspronklik dieselfde beteken, maak ons teenswoordig 'n onderskeid daartussen.

Verskillend gebruik ons as ons wil aandui dat die een anders is as die ander. *Die Afrikaanse olifant is verskillend van die Asiatiese.* Om dinge maklik uit mekaar te ken, *word hulle soms met verskillende kleure geverf.*

Verskeie word gewoonlik gebruik in die betekenis van *'n aantal*: *Daar was verskeie mooi perde op die tentoonstelling.*

Die gedagte aan verskil vind ons nog in die woord *verskeidenheid.*

**169. Aardkunde—aardrykskunde.**

Aardkunde of geologie is die kennis van grondsoorte.

Aardrykskunde of geografie is die kennis van die aarde. Dus is *aardkunde* eintlik 'n onderdeel van *aardrykskunde.*

**170. Baljaar—ravot—plukhaar—rinkink—slampamp.**

Baljaar is spelende en met geraas rondhardloop, mekaar agterna sit, ens.

Ravot is spelende mekaar te lyf gaan, waarby soms die bygedagte aan klere skeur opkom.

Plukhaar is baklei soos kinders soms doen, deur mekaar by die hare te pak en te trek.

Rinkink is eintlik die geluid wat stukke metaal maak as hulle gedurig heen en weer slinger teen iets aan; maar dit word ook gesê van luidrugtig ronddloop en kattekwaad uitvoer; dis rondbaljaar met die bygedagte dat pligte daardeur versuim word.

Slampamp is ledig en doelloos rondloop: Leipoldt se "Slampamperliedjies" is liedjies van iemand wat somar rondslenter.

**171. Visvangs—vissery.**

Visvangs is die vang van vis; vissery is die hele industrie waarvan die visvangs die middelpunt is; dit omvat bv. die bou van die nodige skepe, die maak van die nette, die bewerking van die vis vir die handel, die verkoop en versending, ens. Ons kan sê: *Die vissers het 'n goeie vangs gehad. 'n Stad of dorp bestaan van die vissery.*

**172. Berou—betreur.**

Hierdie twee woorde vat 'n saak waaroor daar 'n gemis van bevrediging bestaan, van twee teenoorgestelde kante: *'n verkeerde daad berou my; ekself daarenteë betreur die verkeerde daad.* M.a.w. die saak *berou* die bedrywer, en die bedrywer *betreur* die saak. Dis dus verkeerd om te sê dat iemand iets met bittere trane *berou;* 'n uitdrukking wat waarskynlik sy oorsprong het in 'n foutiewe vertaling op die klank af van die Engels: *You will rue it.*

**173. Opslaan—inslaan.**

Iemand slaan sy moue op, as hy die uiteindes met die binnenste na buite toe keer; hy slaan hulle in, as hy die uiteindes met die buitenste na binne toe keer.

In die handel beteken inslaan die aankoop van voorrade: *Die winkelier het vyftig sakke rys ingeslaan.* Opslaan is dan die berging van goedere in 'n pak-

huis of opslagplek: *Die vyftig sakke rys word miskien in 'n waenhuis opgeslaan.*

### 174. Land—strand (die Werkw.).

'n Skip l a n d as dit in 'n hawe aankom waar die mense van boord gaan en die goedere gelos word.

'n Skip s t r a n d as dit êrens op die strand vasraak met die waarskynlikheid van te verongeluk.

### 175. Middelbaar—gemiddeld.

M i d d e l b a a r dui die middel tussen twee uiterstes aan: 'n Man *van middelbare leeftyd* is nie oud en ook nie jonk nie, maar tussen die twee in. *Iemand is van middelbare lengte.*

G e m i d d e l d dui 'n waarde aan wat aan lede van 'n groep dinge van verskillende waarde gegee kan word, sodat die totale waarde dieselfde bly. Iemand wat in die ses werkdae van die week agtereenvolgens 10/-, 6/-, 20/-, 17/-, 15/- en 10/- verdien, sou hy in die weerk net soveel verdien as hy elke dag 13/- sou kry. Dit is dan die *gemiddelde* verdiende loon per dag.

In die uitdrukking "Middelbare Tdy" (onderskei van Sonnetyd en Sterretyd) het die woord *middelbaar* die betekenis van *gemiddeld.*

### 176 Ontoerekenbaar—onberekenbaar.

O n t o e r e k e n b a a r druk uit dat iemand nie vir sy dade verantwoordelik gehou kan word en dus ook nie vir verkeerde dade gestraf kan word nie: *'n Kranksinnige is ontoerekenbaar*; 'n kind ook, solank as hy nog nie tot die jare van onderskeid gekom het nie.

Onberekenbaar wil eenvoudig sê dat iets nie kan bereken word nie: *Die hael het 'n onberekenbare skade aangerig; 'n verkeerde maatreël van die regering kan onberekenbare nadeel aan die land berokken.*

**177. Kerklik—kerks.**

Kerklik is alles wat offisiëel tot die Kerk behoort of daarvan uitgaan: *Kerklike ampte; kerklike bydraes; kerklike seremonies.*

Kerks beteken gewoon om gereeld na die kerk te gaan: *Ons bure is kerkse mense, hulle slaan maar selde 'n diens oor.*

**178. Gesindte—gesindheid.**

Iemand se gesindheid is die neiging van sy gemoed ten opsigte van 'n saak: *'n Vrindelike of vyandige gesindheid; iemand openbaar 'n gunstige gesindheid omtrent 'n versoek om hulp.*

Gesindte is 'n godsdienstige denominasie: *Iemand behoort* bv. *tot die Gereformeerde (Roomse, Wesleyaanse) gesindte.*

**179. Klant—kliënt—kalant.**

'n Winkel het klante, d.i. mense wat daar koop; die kopers algar bymekaar vorm die *klandiesie.*

'n Advokaat of prokureur het kliënte, d.i. persone vir wie hy optree.

Kalant is die woord *klant* in sy oorspronklike vorm en word gebruik in die sin van *skelm, slim jakkals,* soos in die uitdrukking: *Ou kalant, lank in die land.*

**180. Herroep—terugroep—terugtrek—intrek.**

'n Persoon word teruggeroep, as hy order van sy meerderes kry om van 'n plek waar hy heen gestuur was, terug te kom: *Die Japanse gesant is uit Duitsland teruggeroep.* Ook roep ons iets in ons geheue *terug,* as ons opsetlik weer daaraan dink.

'n Wet of proklamasie word herroep, as die outoriteite bekend maak dat dit nie meer van krag sal wees nie: *Die herroeping van die Edik van Nantes deur Lodewyk XIV.*

'n Voorstel, versoek of applikasie word teruggetrek, as iemand verklaar dat hy daarvan afsien: *Op 'n vergadering trek iemand sy voorstel terug ten gunste van iemand anders se voorstel.* Ook kan 'n persoon *homself terugtrek,* as hy verklaar dat hy nie langer wil saamdoen in 'n onderneming nie.

'n Verlof, guns of belofte word ingetrek, as iemand verklaar dat hy dit nie langer wil handhaaf nie.

**181. Toedrag—toestand.**

Toedrag is die manier waarop iets gebeur het; toestand is die gesamelike omstandighede waarin 'n persoon of saak verkeer. Die *toedrag* van 'n saak word *vertel;* 'n *toestand* word *beskrywe.*

**182. Vioolspeler—violis; orrelspeler—orrelis; pianospeler—pianis.**

In al hierdie woorde dui die eerste van elke paar iemand aan wat op die genoemde instrument speel; onverskillig of hy dit goed of sleg doen. Die twede woord van elke paar uui aan dat die bespeel van die genoemde instrument die persoon se beroep is.

'n *Violis* sál hom beledig voel as iemand hom 'n *vioolspeler* noem. 'n *Violis* tree in groot sale voor 'n groot publiek op; 'n *vioolspeler* speel op die straat.

183. **Musikant—musikus—komponis—dilettant.**

'n Musikant is iemand wat op 'n musiek-instrument speel.

'n Musikus is iemand wie se professie die musiek is.

'n Komponis maak self die musiekstukke.

'n Dilettant is iemand wat die musiek uit liefhebbery beoefen; die naam beteken *liefhebber.*

*Straatmusikant; die direkteur van 'n orkes is gewoonlik 'n musikus; die lede ook gedeeltelik, maar dikwels speel daarin ook dilettante. Beethoven was 'n groot komponis.*

184. **Ongelowig—ongelooflik.**

Ongelowig beskryf die persoon wat iets nie glo nie; ongelooflik beskryf die saak wat nie geglo kan word nie. *Iemand skud ongelowig sy kop, kyk ons ongelowig aan. 'n Berig is ongelooflik; ongelooflik groot geldsomme.*

185. **Inlig—toelig.**

'n *Persoon* word ingelig oor 'n saak, as besonderhede daaroor aan hom meegedeel word tot opheldering van punte wat vir hom nie duidelik was nie.

'n *Saak* word toegelig, as die nodige verklaring gegee word wat moet dien tot die regte verstaan daarvan.

**186. Drukfout—misdruk.**

'n Drukfout is 'n fout in drukwerk; dit kan bestaan in 'n verkeerde, omgekeerde of oortollige letter, verkeerd geplaaste woorde of reëls, ens.

Misdruk is heeltemål iets anders. As die druk van 'n stuk sal begin, word eers probeer of die masienerie goed werk, om gebreke daarvan, soos te flou of te swart druk, te kan verhelp. Daarmee word verskeie velle papier vermors. Hierdie papier word *misdruk* genoem en kan nog gebruik word vir pakpapier.

Om *misdruk* te sê vir 'n *drukfout* is 'n anglisisme, 'n klakkelose vertaling van *misprint*.

**187. Breedsprakig—breedvoerig—uitvoerig—wydlopig.**

Breedsprakig wil sê dat iemand 'n groot omhaal van woorde gebruik.

Breedvoerig word gesê van 'n beskrywing of bespreking waarby alle onderdele van 'n saak behandel word.

Uitvoerig is dieselfde as *breedvoerig*, maar met die bygedagte dat alle besonderhede uitgewerk word: *'n Uitvoerige tekening of skildery; 'n uitvoerige beskrywing.*

Wydlopig gee te kenne dat iemand in 'n verhaal allerhande uitweidinge maak oor dinge wat met die saak alleen maar in 'n verwyderde verband staan.

**188. Oorhoeks—oordwars—skeef—skuins.**

Oorhoeks is diagonaalsgewys, van hoek tot hoek.

Oordwars word gesê as iets 'n regte hoek maak met die sy van 'n figuur; *Dwarslêers van 'n spoorweg.*

S k e e f noem ons iets as dit uit sy gewone posiesie uit is; 'n skildery hang skeef as dit nie horisontaal hang; 'n tafel staan skeef as hy nie ewewydig met die mure van die kamer staan nie, of ook as hy nie waterpas staan nie. Figuurlik word dit gebruik om uit te druk dat iets nie ooreenkom met die waarheid nie: *'n Skewe voorstelling van sake.* 'n Gebeurtenis bring twee mense *in 'n skewe posiesie* tot mekaar.

S k u i n s is 'n rigting wat 'n skerpe hoek maak met die hoofrigting van iets: *'n Pad wat skuins oor 'n stuk land gaan; 'n skuinse belegstuk op 'n kleed.*

### 189. Onderhewig—onderhawig.

As iets of iemand onderworpe is aan sekere invloede, dui ons dit aan met die woord o n d e r h e w i g: *Iemand is* bv. *onderhewig aan vallende siekte; 'n klimaat kan onderhewig wees aan plotselinge veranderings.*

O n d e r h a w i g is glad geen sinoniem van *onderhewig* nie. Dit dui aan wat onder bespreking is: *In die onderhawige geval moet ons maar so of so doen. Die onderhawige kwessie* (d.i. die kwessie waarvan ons praat) *sal nog baie hoofbrekings kos, voordat dit opgelos is.*

### 190. Deursigtig—deurskynend.

Die woorde druk self die verskil uit: 'n d e u r s i g t i g e ding laat toe dat ons daar dwarsdeurheen kan sien: *Vensterglas is deursigtig; water ook.* Tewens word die woord figuurlik gebruik in die sin dat die geheime bedoeling van iemand duidelik opgemerk kan word: *Daardie slim planne was tog al te deursigtig.*

D e u r s k y n e n d sê eenvoudig dat die lig deur iets heendring: *Porselein, matglas is deurskynend.* As 'n mens jou hand teen die kerslig hou, sien jy dat dit ook *deurskynend* is.

**191. Balhorig—baldadig.**

B a l h o r i g beteken letterlik *sleg van gehoor;* dit word gesê van iemand wat in so'n stemming verkeer dat hy nie na 'n ander wil luister nie. *Iemand loop van balhorigheid die deur uit.*

B a l d a d i g beteken letterlik *sleg van daad;* dit word gesê van iemand wat moedswillig allerhande verkeerde dinge doen, veral as daardeur skade aangerig word: *Uit pure baldadigheid verniel 'n klompie seuns die draadheining.*

**192. Vrypostig—vrymoedig—brutaal—parmantig.**

V r y p o s t i g is iemand as hy hom meer aanmatig om te doen as wat met die beleefdheid verenigbaar is: *Moenie so vrypostig wees om maar sonder verlof by iemand in die huis in te loop nie.*

V r y m o e d i g dui die aanwesigheid aan van 'n gepaste moed teenoor ander mense: *Iemand lê vrymoedig getuienis af; 'n kind wat vrymoedig optree om 'n resitasie op te sê.*

B r u t a a l druk uit dat 'n mindere teenoor 'n meerdere in sy woorde 'n afwesigheid van gepaste eerbied toon: *Die kind gee 'n brutale antwoord aan sy onderwyser; 'n bediende wat 'n brutale houding teenoor sy meester aanneem.*

P a r m a n t i g sien op die houding van iemand wat 'n te hoë dunk van homself het; die woord beteken

dan ook oorspronklik *pronkerig* en laat dink aan 'n haan wat met 'n koninklike houding op 'n mishoop staan.

**193. Begaaf—begiftig.**

Begaaf word gebruik om die besit van verstandelike en geestelike eienskappe aan te dui: *'n Begaafde spreker; 'n begaafde student.*

Begiftig beteken dat iemand van gifte of geskenke voorsien is: *Iemand word begiftig met 'n aantal verjaarspresentjies.*

**194. Aandagtig—indagtig.**

Aandagtig is vol aandag, oplettend. Dit is glad geen sinoniem van die ander woord nie, maar word deur onkundige sprekers dikwels in die plek daarvan gebruik.

Indagtig wil sê dat iets weer in die gedagte gebring word.

*Iemand luister aandagtig; ons maak iemand indagtig aan 'n vroeër gebeurtenis, aan sy belofte,* ens.

**195. Moeite doen—moeite neem—moeite maak—moeite veroorsaak.**

Moeite doen beteken dat iemand hom inspan om iets tot stand te bring, en dikwels is dit vergesel van die bygedagte dat die moeite verniet was: *Ek het moeite gedoen om inligtinge omtrent die persoon te kry* (maar miskien sonder resultaat).

Moeite neem is dieselfde, maar met die bygedagte dat dit 'n inspanning is ten behoewe van iemand anders; daarom sê ons vir iemand wat vir ons wil help, maar van wie ons dit 'n te groot guns reken: *"Neem tog maar nie die moeite nie."*

Moeite m a a k is so iets as twis soek: *Ek sou nie graag sien dat daardie persoon saamgaan nie: hy maak gewoonlik moeite.*

Moeite v e r o o r s a a k word gesê van iemand of iets wat oorsaak is dat 'n werk nie goed kan vorder nie: *By die aanlê van die spoorweg het die moerassige grond baie moeite veroorsaak.*

N.B. 'n Weg word nie *gebou* nie, maar *aangelê;* ons kan 'n weg nie 'n *gebou* noem nie.

**196. Versamel—vergader—sameskool.**

V e r s a m e l is bymekaar bring, gewoonlik met die doel om die dinge bymekaar te hou: *Iemand versamel posseëls.* So iemand noem ons dan 'n *versamelaar.*

V e r g a d e r is bymekaar kom met 'n bepaalde doel: *Die lede van die vereniging vergader eenmaal in die maand.*

S a m e s k o o l is in groepies bymekaar staan op die straat; daar is geen bepaalde doel nie; die aanleiding is nuuskierigheid of die begeerte om een of ander nuus te bespreek. In tye van maatskaplike onrus of oproerigheid *word soms sameskolinge van meer as drie persone deur die poliesie belet.*

**197. Toor—tower.**

T o o r is 'n verkorte uitspraak van *tower,* en soos gewoonlik het die oudste vorm 'n edeler betekenis as die jongste.

T o o r maak gebruik van bygelowigheid: *'n Kafferdokter toor* met dolosse en ander dinge. T o w e r daarenteë word gebruik vir die verrig van iets wat die gewone man nie kan verstaan nie; dit word ge-

woonlik gesê van iets moois: *'n Skilder tower ons met sy penseel die skoonste natuurtonele voor.*

### 198. Optel—opraap—oplig.

Tussen optel en opraap is nie veel verskil nie; altwee beteken iets van die grond af wegneem. *Optel* het die ruimste gebruik en kom ook voor in gevalle waar *opraap* nie gesê word nie. Ons *raap* dinge op met die doel om hulle te verwyder; by *optel* is dikwels die bedoeling om die ding te behou en te gebruik: *Iemand tel op die pad 'n sakmes op, maar hy raap stukke papier van die vloer op.* Ook word *optel* gebruik in die sin van *toeneem* in die een of ander opsig: *Die sieke tel mooi op.* In 'n wedstryd *tel* iemand wat agter is, *op,* as hy vorderinge maak om weer by te kom.

Oplig het die betekenis van iets van die grond af op te hef; dit is altyd tydelik: *Iemand lig 'n stoel op om 'n vloerkleed daaronder reg te lê.*

N.B.—*Oplig* kan nie gebruik word as ekwiwalent van die Eng. uitdrukking "to light up" nie; dan moet dit wees *verlig.*

### 199. Belaglik—lagwekkend—bespotlik.

Die Werkwoord *belag* beteken uitlag, op 'n spottende manier oor iets lag: daarom beteken *belaglik* en bespotlik altwee ongeveer dieselfde; alleen is *belaglik* minder sterk as *bespotlik.*

Lagwekkend beteken dat iets ons laat lag; dit het dus nie noodsaaklik die element van bespotting in hom nie: *'n Grappige vertoning is lagwekkend.*

**200. Moed—moet.**

M o e d is die eienskap van 'n mens om iets te durf doen. Dit word met *d* gespel omdat daardie klank gehoor word in 'n afleiding soos *moedig.*

'n M o et is 'n merk wat 'n voorwerp êrens in gedruk het: *Die kind het in my hand gebyt sodat die moete van sy tandjies nog daarin staan.*

**201. Tevrede—vergenoeg—(oortuig).**

Altwee sê dat iemand se wense of begeertes vervul is.

T e v r e d e dui net die innerlike gevoel aan, terwyl v e r g e n o e g uitdruk dat daardie tevredenheid ook op die gelaat sigbaar is: *Iemand is tevrede met sy lot. Iemand sien daar vergenoeg uit.*

N.B *Tevrede* word soms gebruik in die sin van *oortuig;* dit is 'n anglisisme (satisfied), en hoe lelik dit is kan blyk uit die volgende aanhaling uit 'n ministeriële kennisgewing (Aug. 1929): *As die minister tevrede is dat die aanvoer van goedere uit die buiteland nadelig werk, dan* . . . ens. Net asof die minister dan nie *on*tevrede sou wees nie!

**202. Wisselvallig—afwisselend.**

W i s s e l v a l l i g beteken soveel as onseker, van die toeval afhangend, sodat die loop van sake nie vooruit berekenbaar is nie: *Deurdat die sukses van 'n boer hoofsaaklik van reën en sonskyn afhang, is sy bedryf baie wisselvallig.*

A f w i s s e l e n d druk uit dat verskillende sake in 'n reëlmatige of onreëlmatige volgorde plaas vind: *Ek het op my reise afwisselend voor- en teenspoed gehad.*

### 203. Breek—afbreek—verbreek—ondersoek.

Almal beteken: op die een of ander manier die samehang van iets te laat ophou.

B r e e k is die woord met die wydste strekking; dit druk uit dat iets ophou om 'n geheel te wees.

A f b r e e k let op die deel wat van die geheel geskei word; ons breek 'n stuk van iets af. In 'n uitdrukking soos "'n gesprek afbreek" is die bedoeling dat die vervolg nie kom nie. In die afbreek van 'n bouwerk gaan die hele werk teniet, maar dis duidelik dat dit stuk vir stuk gebeur.

V e r b r e e k gee, volgens die betekenis van die voorvoegsel *ver-*, te kenne dat die voorwerp vernietig word, of in elk geval waardeloos gemaak; gewoonlik word dit figuurlik gebruik: *Iemand verbreek die bande van die sonde. 'n Nasie verbreek die juk van diensbaarheid.*

O n d e r b r e e k dui aan dat 'n werksaamheid tydelik ophou, omdat iets anders gedoen word, en dat dit daàrna voortgesit word: *Die bespreking van 'n onderwerp deur 'n vergadering word onderbreek deur die binnekom van 'n hoë besoeker. Die beraadslaginge word onderbreek deur 'n halfuurtjie om koffie te drink.*

### 204. Onnoembaar—onnoemlik.

O n n o e m b a a r beteken dat iets nie genoem kan word nie, omdat dit te swaar is om uit te spreek: *Onnoembare Russiese dorpe;* of omdat dit nie op die oomblik in 'n geselskap gepas is nie: *'n Sekere onnoembare kledingstuk.*

Onnoemlik wil sê dat iets te groot is om presies te kan bepaal: *Onnoemlike skade; onnoemlike aantalle.*

**205. Skynbaar—waarskynlik.**

Skynbaar staan teenoor *werklik;* wat skynbaar is bestaan net in skyn, nie in werklikheid nie; as iemand bv. *skynbaar* iets vergeet, maak hy die indruk asof hy dit vergeet, terwyl hy tog inderdaad aan die saak dink.

Waarskynlik beteken dat daar groot kans is dat iets waar sal word: *Ek kom waarskynlik mèt die trein van 3 uur. Die minister van finansies kondig 'n waarskynlike oorskot aan.*

**206. Ru—rof.**

Altwee kan gebruik word as die teenoorgestelde van *glad*: 'n Ruwe of rowwe oppervlakte.

*Ru* beteken verder *onafgewerk*: *ruwe grondstowwe*: *rugaring; 'n ruwe skatting.* Ook *onbeskaaf*: *'n ruwe vent, ruwe maniere.*

*Rof* sien op die manier waarop iets gedoen word: *Die delwers het maar 'n rowwe lewe; voetbal ontaard soms in 'n rowwe spel.*

Daar is verskil tussen: 'n *ruwe kêrel,* en 'n *rowwe kêrel;* die eerste sien op sy geaardheid, die twede op die manier waarop hy te werk gaan.

**207. Teen—teë.**

Die betekenis van hierdie twee is in die meeste gevalle dieselfde, soos blyk uit vorme soos *teenstand* en *teëstand, teenspoed* en *teëspoed,* ens. Maar teë het

ook nog die betekenis van *afkerig*: *Ek het vir my daardie kôs teë geëet.*

**208. Rand—rant.**

R a n d (Meerv. rande) is die uiteinde van 'n vlak voorwerp: *'n Hoed met 'n breë rand; 'n vloertapyt met 'n Griekse rand.*

R a n t (Meerv. *rante*), is 'n lankgestrekte heuwel, gewoonlik kliprig, taamlik steil aan die een kant, en nie al te hoog nie. Die tietel van 'n sekere boek: "Op Veld en Rande" behoort eintlik te wees: "Op Veld en Rante."

**209. Vereis—verys.**

V e r e i s druk uit dat iets nodig is (Eng. *require*); v e r y s beteken tot ys word, bevries; *die grond is heeltemal verys.*

**210. Aanbod—bod—offer.**

'n A a n b o d is 'n voorstel om iets vir 'n ander te doen, of om hom 'n sekere bedrag te betaal vir sy dienste of vir iets wat ons van hom wil koop. In die laaste sin, nl. as voorgestelde betaling vir iets wat ons koop, word dit ook b o d genoem. *Ek het my buurman die aanbod gedoen om sy tuin in orde te hou. Vir daardie koei het ek 'n bod van £40 geweier.*

O f f e r is 'n godsdienstige handeling; dit is 'n geskenk wat aan 'n god gebring word as 'n eerbewys of as 'n middel tot versoening. Figuurlik word dit ook gesê van iets wat iemand vir 'n saak afstaan en wat hom swaar val om te gee: *'n Dierbare offer aan die Vaderland; 'n offer aan die dood.*

N.B.—Die vendu-afslaer gebruik 'n lelike anglisisme as hy aan die publiek vra om hom *'n offer te maak.*

**211. Dra—tors.**

T o r s beteken dra, maar gee te kenne dat dit swaar gaan: *Iemand tors 'n swaar vrag* (hy gaan daaronder gebuk); *'n grysaard tors die las van die jare.*

**212. Lidmate—ledemate—lede—litte.**

L e d e is die algemene woord, wat ook in die plek van die voorgaande twee gebruik kan word; dit dui min of meer selfstandige dele van 'n geheel aan. Ons gebruik die woord altyd as daar sprake is van 'n vereniging, genootskap, en dgl.

L i d m a t e is die spesiale woord vir lede van 'n kerk: *vergadering van lidmate; aanneming van lidmate.*

Met l e d e m a t e word arms en bene bedoel: *Ons liggaam bestaan uit kop, romp en ledemate.*

L i t t e is (1) die skarniere van ons liggaam, soos die draaiplekke van ons arms, bene, vingers, ens.: *Iemand kan sy hande amper nie gebruik nie, deur rumatiese pyn in die litte;* (2) die afdelings van die stengels van grasagtige plante, soos bamboes, koring, riet, en dgl.

**213. Landman—landsman.**

'n L a n d m a n is 'n boer, iemand wat sy bestaan vind in die bewerking van die grond.

'n L a n d s m a n is 'n mede-inwoner van dieselfde land: *Ek het in New-York onverwags in een van die parke 'n landsman op die lyf geloop en 'n hele tyd met hom rondgewandel.*

214. **Bysiende—kortsigtig.**

B y s i e n d e druk 'n gebrek aan die oë uit, waardeur iemand genoodsaak is om dinge wat hy goed wil sien, naby sy oë te hou; die afstand van duidelik sien (fokusafstand) is dan baie kort. Dit vereis 'n konkawe (hol) bril.

*K o r t s i g t i g* word altyd figuurlik gebruik. Dit dui 'n gebrek aan deursig aan, wat iemand belet om die gevolge van sy dade vooruit te bereken: *Deur sy kortsigtige handelwyse het die bestuur van die vereniging aan die saak wat hy wou bevorder, groot skade toegebring.*

N.B.—Die Engels vir *bysiende* is *shortsighted*, en dit is oorsaak dat sommige mense *kortsigtig* sê waar hulle *bysiende* bedoel.

215. **Tafel—dis—tabel.**

'n T a f e l is die bekende huismeubel; ook is dit die naam van 'n gerangskikte oorsig van waardes: *Tafels van vermenigvuldiging; tafels van mate en gewigte.*

D i s is tafel in die eerste van die bogenoemde betekenisse, maar altyd met betrekking tot 'n maaltyd: *Die huisgesin sit om die dis geskaard; die dis van die Heer* (die awendmaalstafel).

T a b e l is van dieselfde oorsprong as tafel en het die twede van die betekenisse wat daarby hierbo genoem is, maar is van 'n meer algemene aard: dit het nie alleen betrekking op waardes nie, maar op alle sake wat verdeel en onderverdeel word en vertoon die verband tussen die geheel en die verskillende onder-

dele. 'n Tabel word soms ook genoem 'n *tabellariese oorsig. In 'n boek oor dierkunde vind ons 'n tabel van die hoofgroepe, families en soorte van die diereryk.*

**216. Kunstenaar—kunstemaker.**

'n Kunstenaar is iemand met die deur oefening ontwikkelde gawe om 'n kuns in 'n hoë mate van vaardigheid te kan uitvoer: *'n musikus, 'n skilder* en dgl. persone is *kunstenaars.*

'n Kunstemaker is 'n grapmaker, 'n hanswors, 'n paljas: *die kunstemaker in 'n sirkus.*

**217. Predikant—prediker—preker.**

'n Predikant is 'n kerklik geordende voorganger van 'n gemeente.

'n Prediker is 'n verkondiger van 'n leer of stelsel; die woord staan nie noodsaaklik in betrekking tot godsdiens nie, soos blyk uit samestellinge soos *oproerprediker, matigheidsprediker* en dgl. *Iemand predik die revolusie.*

Die woord preker sien op die predikant met betrekking tot sy bekwaamheid in die lewering van godsdienstige toesprake in die kerk: Iemand is bv. *'n goeie preker.* Maar die woord word ook toegepas op persone wat op 'n vervelende manier ander mense vermaan: *Ek was bly toe die nare preker eindelik weggegaan het; ek was moeg van al sy saaie vermaninge.*

**218. Ligvaardig—ligsinnig.**

Ligvaardig wil sê dat iemand iets doen sonder om eers goed die gevolge te bereken:—*'n Ligvaardige belofte; 'n ligvaardige besluit.*

L i g s i n n i g is 'n karaktertrek; 'n ligsinnige persoon neem niks ernstig op nie; hy leef sonder nadink en gee nie om wat die gevolge van sy dade sal wees nie: *Jong mense is soms geneig tot ligsinnigheid.*

**219. Grondig—gegrond.**

G r o n d i g het die betekenis van deeglik, diepgaand: *'n Grondige ondersoek gaan tot op die bodem van die saak. Grondige bewyse.*

G e g r o n d wil sê dat iets 'n goeie grond, 'n goeie bestaansreg het: *'n Gegronde veronderstelling is gevorm op die kennis van feite. Iemand het 'n gegronde rede vir sy handelwyse.*

**220. Anname—aanneming.**

A a n n a m e is die daad van iets aan te neem of goed te keur: *Na aanname van die wetsvoorstel word dit deur die Goewerneur geteken. Die spreker het die vergadering tot aanname van die voorstel aangespoor.*

A a n n e m i n g word alleen gesê van die kerklike plegtigheid waarby nuwe lidmate toegelaat word: *Die aanneming sal a.s. Vrydag plaasvind.*

**221. Ophande—in hande—voorhande.**

V o o r h a n d e beteken dat iets tot gebruik aanwesig is: *Die voorhande hoeveelheid koring. Daar is op die oomblik maar drie sakke meel in die winkel voorhande.*

I n h a n d e word gesê van geld wat iemand in voorraad het: *Die kassier het ruim* £18 *in hande en verwag binnekort meer.*

O p h a n d e is glad geen sinoniem van die ander twee nie, maar word dikwels foutief gebruik vir *in*

*hande*: *Hy het* £18 *ophande.* Die oorsaak lê weer in die Engels, waar hulle sê: *He has* £18 *on hand.*

Die regte betekenis van *ophande* is: *in die nabye toekoms;* bv. *Daar is onweer ophande. Die ophande synde koms van die minister.*

**222. Oortollig—oortallig—oorvloedig—oorbodig.**

Al hierdie woorde laat dink aan *teveel.* O o r v l o e d i g doen dit onder die beeld van 'n vloeistof wat oor die rand van die vat heenloop. Dit gee te kenne dat iets in ruime mate voorhande is: *Oorvloedige reëns; oorvloedige geldmiddels.*

O o r b o d i g sê dat iets nie nodig is nie; bv. *Dis heeltemal oorbodig om op 'n helder dag 'n reënjas saam te neem as jy uitgaan.*

O o r t o l l i g het betrekking op die hoeveelheid of aantal wat daar meer is as die nodige: *In sommige streke, soos in Holland, waar daar baie reën val, word vore gegrawe om die oortollige water te laat wegloop. Ons het genoeg hulp gehad, en toe Piet bykom, was hy oortollig.* (En sy hulp was toe *oorbodig*).

O o r t a l l i g gee te kenne dat dinge getel word; wat daar meer is as die vereiste getal, is *oortallig*: *Ek het vyftig eiers nodig, en hulle stuur my vyf dosyn; wat moet ek nou met die oortallige eiers doen?*

**223. Welbespraak—welsprekend—spraaksaam—praatsiek.**

Iemand wat graag praat, onverskillig oor watter onderwerp, en sonder om hom te bekommer of dat wat hy sê steek hou of nie, is p r a a t s i e k.

S p r a a k s a a m dui aan dat iemand in 'n gemoedstoestand verkeer wat hom geneig maak om te gesels.

Iemand kan miskien die een dag nukkerig wees en onwillig om 'n gesprek te voer, en die ander dag juis geneig daartoe; dan kan ons sê: *Hy is vandag besonder spraaksaam; hy het 'n spraaksame bui.*

Welbespraak wil sê dat iemand hom goed kan uitdruk en die nodige woorde tot sy beskikking het: dat hy rats met sy tong is: *'n Handelsreisiger is gewoonlik 'n welbespraakte persoon.*

Welsprekend is iemand wat nie alleen goed kan spreek nie, maar ook die kuns verstaan om met sy woorde, deur vorm en inhoud, indruk te maak. 'n *Welsprekende redenaar dwing tot luister en kan sy hoorders beweeg tot wat hy wil dat hulle sal doen.*

**224. Kollekte—kolleksie.**

Kollekte is 'n insameling, meestal van gifte in geld, soos in kerke en soms op die strate vir die een of ander doel gehou word.

'n Kolleksie is 'n versameling van dinge wat bymekaar gebring is, bv. *'n Groot kolleksie horings.*

Dikwels sê onkundige mense *kolleksie,* waar *kollekte* die regte woord is.

**225. Begin—beginsel.**

Begin is die aanvang van iets: *Die begin van 'n werk; in die begin het God die hemel en die aarde gemaak.*

Beginsel is 'n stelreël waarna iemand sy handelwyse inrig: *Iemand is uit beginsel teen die gebruik van sterk drank. Die beginsels van 'n politieke party.*

'n Enkele maal word *beginsel* gebruik met die betekenis van *begin,* maar dan in 'n meer konkrete sin as

wat die woord gewoonlik het, soos bv. in die naam *vrugbeginsel* (Eng. *ovary*) van 'n blom.

**226. Afsigtelik—afgryslik—afskuwelik—gruwelik.**

A f s i g t e l i k word gesê van iets waarvan 'n mens afkerig is om dit te sien: *Afsigtelike swere, afsigtelike armoede.*

A f g r y s l i k dui aan dat 'n mens by die sien en hoor van 'n saak tot in sy siel geskok word: *'n Afgryslike moordtoneel.*

A f s k u w e l i k is ongeveer dieselfde as *afgryslik,* maar wek meer die bygedagte dat iemand hom wegdraai van die saak: *'n Afskuwelike ongedierte.*

G r u w e l i k laat dink aan die wreedheid van die bedrywer van 'n daad: *Gruwelik verminkte slagoffers van 'n misdaad.*

Soms word hierdie woord ook gebruik om 'n hoë mate van 'n hoedanigheid aan te dui: *Die kind is gruwelik stout; ek het my gruwelik verveel.*

**227. Redekaweling—haarklowery.**

K a w e l beteken *verdeel;* dit was vroeër gebruik vir die opsplitsing van grond in klein stukkies om te verkoop: Die *landmeter verkawel die grond.*

Hierdie woord word in r e d e k a w e l i n g toegepas op 'n gesprek waarby die onderwerp noukeurig in al sy onderdele oor en weer bespreek word en waarby dan dikwels baie klein puntjies in aanmerking kom.

H a a r k l o w e r y is 'n redekaweling waarby selfs die onbelangrikste besonderhede nog weer in onderdele geplits word, wat dan aanleiding gee tot twis oor nietighede.

**228. Natuurlik—ongekunstel.**

N a t u u r l i k druk uit dat 'n saak volgens sy aard tot stand kom of deur die natuur bewerk is: *Die natuurlike ontwikkeling van 'n kind; 'n natuurlike trap in 'n rots.*

O n g e k u n s t e l dui die afwesigheid aan van aanstellery in die manier waarop iemand iets doen: *Die ongekunstelde voëlgesang; iemand se ongekunstelde optree voor die publiek.*

**229. Vermaan—berisp.**

V e r m a a n is aanspoor om goed te doen: b e r i s p is afkeurend teen iemand spreek oor iets wat hy gedoen het.

*Die onderwyser berisp die seun oor sy luiheid en vermaan hom om voortaan vlytiger te wees.*

**230. Straf—bestraf—tugtig—kasty.**

Ons s t r a f iemand as ons hom leed aandoen tot vergelding vir 'n kwaad wat hy gedoen het; opvoedkundige straf het daarby die oogmerk om te verbeter; in hierdie geval word dit ook k a s t y genoem.

B e s t r a f bestaan in 'n afkeurende toespraak oor iemand se dade; dit staan dus min of meer gelyk met *berisp;* alleen, dit is sterker as berisp.

T u g t i g het die bygedagte van wraakneming, maar met die doel om aan die bedrywe van kwaad 'n end te maak: *'n Ekspediesie is uitgestuur om die seerowers gevoelig te tugtig.*

**231. Vorder—vooruitgaan.**

Hierdie twee beteken ongeveer dieselfde. Die verskil is die volgende:

By vooruitgaan dink 'n mens meer aan die voorwaartse beweging self; by vorder meer aan die naderkom aan die end.

By *vooruitgaan* het ons die bygedagte aan die rigting teenoor *agteruitgaan*; by *vorder* dink ons aan die *doel* wat bereik moet word. As ons van 'n sieke sê dat hy goed *vooruitgaan*, dink ons aan die verbetering in sy toestand; sê ons dat hy goed *vorder*, dan dink ons aan die bereik van volkome herstel.

### 232. Vorder—eis.

Vorder druk uit dat die saak waaroor gepraat word, vir 'n sekere doel nodig is: *Hierdie werk vorder die inspanning van al my kragte.*

Eis beteken *vra as 'n reg;* daarom word by 'n eis dikwels 'n regterlike vonnis gevra: *Iemand eis skadevergoeding; hy eis betaling vir bewese dienste.*

### 233. Geneesheer—dokter—medikus.

Die gewone woord in die omgangstaal is dokter: *Ons roep die dokter by 'n sieke.* Selfs maak ons van hierdie Selfst. Naamwoord 'n Werkwoord, as ons sê *dat ons iemand dokter.*

Geneesheer behoort tuis in hoër styl; dit stel die beroep van die dokter voor as 'n edel werk.

Die naam medikus dui die aard van die studie aan, wat 'n dokter volbring het; dit stel hom voor as 'n geleerde.

### 234. Betreurenswaardig—beklaenswaardig.

'n Saak, 'n toestand wat nie is wat dit behoort te wees, nie is betreurenswaardig, d.i. werd om daaroor te

treur: *'n Betreurenswaardige ongeluk; 'n betreurenswaardige vergissing.*

'n Persoon vir wie ons jammer kry, is beklaenswaardig, d.i. werd om bekla te word. In Ges. 33 vs. 1:

Word ergens zo *betreurenswaard*
Een schepsel Gods gevonden?

is die verkeerde woord gebruik; dit behoort te wees *beklagenswaard* (Afr. beklaenswaardig).

**235. Versoek—versoeking.**

'n Versoek is 'n vraag om 'n guns; 'n versoeking is 'n aanlokking tot kwaad: *Lei ons nie in versoeking nie.*

**236. Bekend—befaamd—beroemd—berug.**

Bekend druk die algemene idee uit.

Die woord befaamd is afgelei van *Fama,* die Griekse godin, bode van die oppergod, wat iemand se dade orals bekend maak; dit druk uit dat iemand se naam by alle mense bekend is. *Bekend* druk eenvoudig uit dat die mense iemand ken; *befaamd* druk uit dat hulle baie van hom gehoor het.

Beroemd is befaamd in 'n gunstige sin: Iemand is beroemd om sy groot dade; *'n beroemde kunstenaar. veldheer,* ens.

Berug is befaamd in 'n slegte sin: *'n berugte moordenaar; 'n berugte inbreker soos Beauty Bell.*

**237. Huislik—huishoudelik.**

Huislik druk uit dat iemand graag tuis is: *"My man gaan maar selden uit,"* sê 'n vrou; *"hy is baie huislik van aard."* Ook beteken dit dat 'n saak in die

huis plaasvind: *Huislike omstandighede; huislike genoeëns.*

H u i s h o u d e l i k wil sê dat iets in verband staan met die huishouding; 'n *huishoudelike* vrou bestuur haar huis so voordelig moontlik. *Huishoudelike* sake betref vrae omtrent meubels, tapyte, kos, klere, en dgl.

**238. Sagmoedig—sagsinnig.**

S a g m o e d i g is sag van geaardheid, waardeur iemand gemaklik leed wat hom aangedoen word, kan verdra; 'n sagmoedige persoon skel nie terug as hy geskel word nie en vergeld geen kwaad met kwaad nie. *Moses was baie sagmoedig.*

S a g s i n n i g is ook sag van geaardheid, maar in die sin dat iemand alles op 'n sagte manier *doen.* Terwyl *sagmoedig* 'n passiewe karaktertrek aandui, gee *sagsinnig* iets aktiefs te kenne. *Sagsinnig soos 'n lam.*

**239. Voorstel—voorstelling.**

'n V o o r s t e l is 'n gedagte of plan wat geopper en aan die goedkeuring van ander mense onderwerp word: *Iemand dien in 'n vergadering 'n voorstel in om die jaarlikse kontribusie te verhoog. 'n Wetsvoorstel.*

'n V o o r s t e l l i n g is die manier waarop 'n saak aan toeskouers of toehoorders vertoon word: *'n Toneelvoorstelling; 'n skewe voorstelling van 'n saak.*

In letterlike sin het voorstelling plaas as 'n persoon tot kennismaking voor 'n ander persoon geplaas word: *Die voorstelling van nuwe lidmate in die kerk; 'n voorstelling aan die hof.*

**240. Stadig—gestadig.**

S t a d i g is langsaam: *Die slang kom stadig nader by sy prooi.*

Gestadig beteken voortdurend: *'n Gestadige pyn in die arm; die gestadige werking van die water op die rotse.*

**241. Onverdraaglik—onverdraagsaam.**

Onverdrâaglik is wat nie verdra kan word nie: *Onverdraaglike onderdrukking; onverdraaglike hoogmoed.*

Onverdraagsaam dui die gesindheid van 'n persoon aan wat nie 'n verskil van opienie of insig by 'n ander wil verdra nie: *Sommige mense is baie onverdraagsaam op godsdienstige gebied.*

**242. Meesteragtig—meesterlik.**

Meesterlik word 'n werk genoem as dit bewys dat diegene wat dit doen, 'n hoë mate van bekwaamheid besit; m.a.w. dat hy 'n meester in die werk is: *Meesterlike pianospel; 'n meesterlike vertaling; 'n meesterlike taktiek in die oorlog.*

Meesteragtig druk uit dat iemand hom aanstel as 'n meester, sonder om dit te wees: *Ons haat die vent almal om sy meesteragtige houding.*

**243. Loën—loënstraf.**

Loën is ontken: *Die beskuldigde loën sy medepligtigheid aan die misdaad. 'n Godloënaar.*

Loënstraf is bewys dat iemand lieg: *Die feit dat baie Afrikaners met lof hulle eksamens aan buitelandse uniwersiteite aflê, loënstraf die bewering dat ons volk van 'n minderwaardige gehalte is.*

**244. Boute—boude.**

B o u t e is ysters wat deur voorwerpe heen gesteek en vasgesit word om hulle aanmekaar te hou: *Skroefboute, klinkboute.*

B o u d e is die boonste dele van die agterbene van diere en van 'n mens se bene (die sitvleis): *Skaapboude, beesboude.*

**245. Tabak—twak.**

T a b a k is die bekende plant waarvan die gedroogde blare gerook word.

T w a k is 'n verkorting van die woord tabak en word ook soms in plaas daarvan gehoor; *My twakoes is vanjaar maar swak.* Maar meestal word dit figuurlik gebesig vir *onsin, niksbeduidende praatjies*: *Wat jy praat is pure twak.*

**246. Aanhang—aanhangsel—byvoegsel.**

A a n h a n g word gesê van mense wat 'n leier volg: *Hierdie polietikus het 'n groot aanhang.*

A a n h a n g s e l is iets wat as 'n aanvulling aan 'n saak toegevoeg word; gewoonlik is dit iets wat agteraan 'n boek of geskrif voorkom om iets wat in die boek of geskrif staan, nader toe te lig.

B y v o e g s e l word gesê van 'n blad wat gratis by 'n koerant gevoeg word, soos "Die Kleinspan" by "Die Huisgenoot" en "Ons Kleintjie" by "Die Boerevrou."

**247. Ophef—opheffing—verheffing—verhewenheid.**

O p h e f is lawaai of drukte en oordrewe bespreking van 'n saak: *Die koerante maak 'n groot ophef oor die bietjie olie wat êrens in 'n boorgat gekry is.*

Opheffing beteken die aanhelp, op maatskaplike en sedelike gebied, van agterlike mense: *Daar word nou baie gedoen tot opheffing van die arm-blankedom.*

Verheffing is 'n omhooggaan in letterlike sin: *'n Verheffing van die bodem* is 'n plek waar die grond hoër is as daaromheen. Tog word dit ook figuurlik gebruik, soos wanneer ons sê dat iemand iets sê *met verheffing van stem.* Ook in: *Iemand se verheffing tot die adelstand.*

Verhewenheid is in letterlike sin 'n sinoniem van *verheffing* in die sin van 'n plek wat hoër is as die omgewing: *Die huis staan op 'n verhewenheid.* Maar ook hierdie woord word meestal figuurlik aangetref en beteken dan iets wat hoër en edeler is as die alledaagse: *Die verhewenheid van taal in 'n gedig; die verhewenheid van iemand se gedagtes; die verhewenheid van 'n grootse natuurtoneel.*

**248. Opmerking—aanmerking.**

'n Aanmerking staan gelyk met 'n afkeuring van 'n deel van iets; iemand keur miskien 'n werk goed, maar *spreek sy afkeuring uit* omtrent die een of ander onderdeel; *dit is dan 'n aanmerking.*

'n Opmerking is nie afkeurend nie, maar deel 'n besonderheid mee wat goed is om te weet, dog wat deur ander persone oor die hoof gesien is:

*Ek moet 'n aanmerking maak op die kleur van gordyne en vloertapyte, want hulle pas nie goed bymekaar nie.*

*Die pak klere is duur, maar ek moet hierby die opmerking maak dat dit van 'n besonder seldsame stof gemaak is.*

**249. Oordeel—beoordeel—veroordeel.**

Oordeel is in die logika die vorming van 'n gedagte deur die samevoeging van begrippe; die gedagte self word dan 'n *oordeel* genoem. Verder beteken *oordeel*: uitspraak doen omtrent die waarheid van 'n saak: *Die regter oordeel wie reg het en wie nie.*

Beoordeel druk uit dat 'n saak aan 'n noukeurige ondersoek onderwerp word met die doel om die waarde of verdienste daarvan vas te stel: *Die ingestuurde voorwerpe op 'n tentoonstelling word deur deskundiges beoordeel; hulle is die beoordelaars.*

Veroordeel is oordeel dat iets sonder waarde, of erger nog, skadelik is; daarom ook is dit by uitbreiding van sy betekenis die woord wat uitdruk dat straf opgelê word: *Iemand se leerstellinge word deur 'n vergadering van deskundiges veroordeel,* d.i. vir onwaar verklaar. *Die regter veroordeel 'n misdadiger tot tronkstraf.*

**250. Weerspreek—teenspreek—weerlê.**

Weerspreek druk uit dat 'n feit onverenigbaar is met 'n ander feit; die een is die ontkenning van die ander: *Die hele voorkome van die man weerspreek die vermoede dat hy 'n skelm sou wees. Die getuienis van A weerspreek die van B;* een van die twee kan maar waar wees.

Teenspreek sê dat iemand die waarheid van iemand anders se woorde ontken: *Die minister spreek die gerug teen dat daar nuwe delwerye geproklameer sal word.*

Die verskil tussen *weerspreek* en *teenspreek* is, dat

*sake* mekaar weerspreek, maar dat *persone* mekaar teenspreek.

W e e r l ê is teenspreek met bewyse: *Die minister het verskeie feite aangehaal om die bewering van sy teenstander te weerlê.*

**251. Haas—spoed—snelheid.**

H a a s is die begeerte om gou iets te doen.

S p o e d en snelheid is ongeveer dieselfde, maar by *spoed* dink ons aan die naderkom by die doel, terwyl *snelheid* aan die beweging self laat dink. Daarom noem ons die instrument wat aanwys hoe vinnig 'n moterkar gaan, 'n *snelheidsmeter,* nie 'n *spoedmeter* nie. 'n Saak word *bespoedig* deur maatreëls om gouer die doel te bereik. As ons daarenteë praat van iets te *versnel,* dink ons alleen aan die vinniger word van die beweging.

*Hoe meer haas* (begeerte om iets klaar te kry), *hoe minder spoed* (hoe minder gou die doel bereik word).

Die *spoed* van 'n skroef is die afstand tussen twee windinge.

N.B. Om 'n saak te *bespoed* is stompstert-Afrikaans vir *bespoedig.*

**252. Passend—gepas—vanpas.**

P a s s e n d beteken dat iets by sy omgewing pas, daarmee in ooreenstemming is: *'n Eenvoudige gedenksteen in die muur van sy woonhuis is 'n passende eerbewys vir die geleerde wat in stilte sy werk tot welsyn van die mensheid verrig het.*

G e p a s beteken soveel as behoorlik, net geskik vir die geleentheid: *Die jubilaris het in gepaste woorde*

*bedank vir die eer wat hom aangedoen is. Met gepaste eerbied tree ons die kerkgebou binne.*

Vanpas druk uit dat 'n persoon of saak net op die regte tyd kom; bv.: *Terwyl ons oor die warmte sit en kla, kom daar net vanpas 'n roomyskarretjie deur die straat.*

### 253. Klank—geluid—timbre—gedruis—gebruis—galm—geraas—toon.

Die algemene begrip wat hierdie woorde verteenwoordig, word uitgedruk deur geluid.

'n Verwarde menging van allerhande sterk geluide, soos dit dikwels op straat gehoor word, is geraas; daarby is elke afsonderlike geluid swaar om te onderskei. 'n *Geraas* word veroorsaak deur onreëlmatige lugtrillinge.

'n Gedruis is 'n swaar en sterk geluid wat die hele omtrek vul: *Die gedruis van die storm.*

As dit deur skuimende water veroorsaak word, soos deur 'n waterval of die see aan die strand, dan is dit 'n gebruis.

Een enkele geluid, duidelik onderskeibaar van ander geluide is 'n klank; so spreek ons van *taalklanke, die klank van 'n viool, die klank van goudgeld; 'n klankbord bo 'n preekstoel.*

Galm is 'n lank aanhoudende klank wat stadigaan wegsterf: *Die galm van die voetstappe in 'n groot gebou; galmgate in 'n toring.* Ook word *galm* gebruik vir *luide stemklank*: *Sy stem galm deur die saal.*

Toon is 'n klank wat voortgebring word deur lugtrillinge van gelyke duur (s.g. *isokroniese* trillinge). *Tone* hoor ons in die musiek.

Die eienaardigheid van 'n klank waardeur 'n mens kan hoor op watter soort instrument of met watter materiaal dit teweeggebring word, is die t i m b r e. Die stemme van mense het vir elke indiwidu 'n aparte timbre (kleur of kwaliteit), waardeur ons die spreker herken.

**254. Mis—vermis.**

M i s beteken: 'n doel nie raak nie: iemand skiet na 'n leeu, *maar mis hom.* Verder beteken dit dat iemand 'n persoon of saak nie aantref waar hy hom verwag het nie: *Ek het my vrind op die vergadering gemis.* Ook dat iemand ongerief ondervind deurdat hy iets nie het nie: *Ek het my hamer, wat die kind laat wegraak het, baie gemis.*

V e r m i s dui aan dat iets ontbreek op die plek waar dit behoort te wees en dat geen rekenskap daarvan kan gegee word nie: *By die telling het geblyk dat 'n paar skape vermis word. Na die slag, toe die resiment weer bymekaar kom, is daar 'n opgaaf van die dooies en gekwetstes gedaan en meer as veertig man as vermis opgegee.*

**255. Gesig—aangesig—gelaat.**

G e s i g is (1) die vermoë om te sien: *'n Swak gesig word deur 'n bril versterk;* (2) 'n toneel wat gesien word: *Die landskap lewer 'n pragtige gesig op;* (3) die voorste deel van die kop: *Was jou hande en jou gesig.*

A a n g e s i g is gesig in laasgenoemde sin; dit het egter 'n edeler betekenis as *gesig* en word ook gebruik vir teenwoordigheid: *Verskyn voor Gods aangesig; iemand staar die dood in die aangesig.*

G e l a a t is aangesig as die spieël van die siel: *'n Edel gelaat; gelaatsuitdrukking.*

**256. Effen (die Ww.)—vereffen.**

Die Werkw. e f f e n beteken *gelykmaak;* gewoonlik word dit in figuurlike sin gebruik: *Die samespreking het die pad geëffen vir die sluit van 'n ooreenkoms.*

V e r e f f e n word gebruik vir betaling van skulde of die wegneem van verskille in berekeninge: *Die koopman het niks meer van my te eis nie: ek het my skuld aan hom vereffen. Daar was 'n verskil in die twee berekeninge, maar ons het dit vereffen deur die gemiddelde te neem.*

**257. Fout—vergissing—abuis—flater.**

Die woord f o u t druk die algemene begrip uit; dit is iets verkeerds. Soms word dit ook gebruik as 'n eufemisme vir 'n ondeug: *Hy is 'n goeie kêrel; net jammer dat hy die fout het om nou en dan te veel te drink.*

V e r g i s s i n g en a b u i s druk uit dat iemand nie die regte ding gedoen het nie, maar sonder opset iets anders: *'n Verkeerde inskrywing in 'n register het deur 'n vergissing* (of *per abuis*) *daarin gekom.* "By vergissing" is suiwer Afrikaans; "per abuis" is van Franse oorsprong.

'n F l a t e r is 'n fout in iemand se doen, waardeur lelike gevolge teweeg gebring word: *Eers het die spreker 'n skewe uitleg van die saak gegee, en toe begaan hy nog die flater om sy teenstanders te beskuldig van iets wat sy eie partygenote gedoen het.*

**258. Paal—pilaar—pyler—kolom—pilaster—suil.**

P a a l is die naam van 'n regopstaande lang voorwerp wat in die grond vasstaan; dit kan van hout, klip, yster of enig ander materiaal wees.

P i l a a r is die naam van 'n steunsel waarop die bogedeelte van 'n gebou rus. Figuurlik kan dit van 'n mens gesê word om aan te dui dat op so iemand vertrou word vir die instandhouding van 'n saak: *Die oorledene was 'n steunpilaar van die vereniging.*

'n P y l e r is 'n pilaar wat in die water staan tot ondersteuning van 'n brug of ander waterbouwerk: *Die spoorwegbrug rus op twaalf pylers.*

'n K o l o m is ook 'n pilaar, maar by hierdie woord word meer gedink aan die swaarte en hoogte as aan die steun wat dit gee; ook kan dit 'n alleenstaande stapel aandui: *Die kolom van Volta bestaan uit 'n afwisselende opeenstapeling van sink- en koperplaatjies, wat van mekaar geskei is deur viltlappies met swawelsuur.* In plaas van *kolom* word ook s u i l gebruik; by hierdie woord dink die spreker meer aan die hoogte as aan die dikte: *Slanke suile; sware kolomme.*

'n P i l a s t e r is 'n uitbousel in 'n muur wat op 'n pilaar lyk. Die uitgang—*aster* is dieselfde as in *poëtaster, krietikaster,* ens., nl. 'n minagtende diminutief-uitgang.

**259. Bepaal—beperk.**

Altwee beteken g r e n s e s t e l; by die eerste tree op die voorgrond die gedagte aan pale wat 'n plek insluit; by die twede is dit die ruimte self, wat op die manier ingesluit is. Die eerste het die sin van duidelik aan-

wys: *'n Dag word bepaal vir die een of ander gebeurtenis; ons gee 'n bepaling* (definiesie) *van 'n saak: iemand bepaal ons aandag by 'n saak.* Die twede wek die bygedagte aan kleinheid: *'n Beperkte ruimte; beperkte geldmiddele; beperkte verstandelike vermoëns.*

Daar is verskil tussen: 'n *bepaalde* ruimte en 'n *beperkte* ruimte.

In 'n sin soos: "Die spreker het hom bepaal by die finansiële sy van die onderwerp" het *bepaal* die betekenis van *beperk.*

**260. Uitgestrek—uitgebrei.**

Uitgestrek het betrekking op die oppervlakte wat in beslag geneem word: *Uitgestrekte terreine, uitgestrekte landgoedere, uitgestrekte woude.*

Uitgebrei beteken letterlik *breed gemaak* en word meestal figuurlik gebruik met betrekking tot handelinge van mense: *Uitgebreide maatreëls, 'n uitgebreide ondersoek, 'n uitgebreide handel.* In letterlike sin kry ons *uitbrei* in 'n uitdrukking soos: *Die stad brei hom uit na die Ooste.* Maar as 'n stad hom uitbrei, word dit mettertyd 'n *uitgestrekte* (nie 'n uitgebreide nie) stad.

**261. Aankla—beskuldig—betig.**

Iemand word beskuldig, as daar 'n bewering teen hom gemaak word van 'n verkeerde daad; die woord beteken letterlik: 'n skuld op iemand lê.

As die beskuldiging offisiëel by 'n magistraat of regter ingedien word, dan kla die beskuldiger die persoon aan.

Betig wil sê dat iemand 'n ander sonder grond vals beskuldig. Iemand wat van 'n misdaad *betig* word, kan sê: "*Kla* my *aan,* dan sal jy moet bewys waarvan jy my *beskuldig.*"

**262. In—invorder—insamel—inwen.**

Belastings, vasgestelde bydraes en dgl. word geïn.

Invorder sluit die begrip in dat die inning van gelde op 'n min of meer wetlike manier geskied: *'n Agent word belas met die invordering van die agterstallige skulde.*

Insamel het betrekking op vrywillige bydraes vir 'n doel: *'n Kollektant gaan rond om bydraes vir die weeshuis in te samel.*

Inwen word gesê van besonderhede omtrent 'n saak, wat van belang is om te weet, dus van mededelinge: *Ons wen gegewens in om oor 'n saak te kan oordeel. Spioene probeer inligtinge inwen omtrent die beweginge van die vyand.*

N.B. Die woord *insamel* word partykeer foutief gebruik in die plek van *inwen;* so kan 'n mens soms op vergaderinge hoor dat iemand *berigte insamel.*

**263. Oortref—oortree—oorskry.**

Oortref word gebruik as by 'n vergelyking tussen persone of sake een die hoogste graad in 'n sekere opsig behaal: *By die eksamen het Daniël sy medestudente in geleerdheid oortref. Die uitslag oortref ons verwagting.*

Oortree is handel teen die bepaling van die wet: *Iemand oortree 'n gebod,*

Oorskry beteken dat 'n saak verder gaan as die bepaalde grense: *Die uitgawes oorskry die begroting met* £200. (*By* £200 is 'n anglisisme.)

264. **Weegskaal—waagskaal.**

W a a g s k a a l is feitlik maar dieselfde as w e e g s k a a l, maar dit word in figuurlike sin gebruik om aan te dui dat 'n saak in 'n onderneming op die spel gesit word: *Iemand stel sy lewe in 'n gevaarlike onderneming in die waagskaal.* Die bygedagte aan die feit dat iemand iets waag, speel natuurlik 'n rol in die gebruik van hierdie woord.

265. **Anderkant—oorkant.**

Altwee dui 'n verwyderde iets aan.

A n d e r k a n t gee te kenne dat 'n tussengeleë voorwerp belet om die ding waarvan gepraat word, te sien: *Anderkant die bult; anderkant die rantjie; anderkant die huis.*

O o r k a n t druk uit dat 'n mens eers oor die tussengeleë ruimte moet gaan om by die ding te kom waarvan gepraat word; die ding is dan gewoonlik (hoewel nie altyd nie) sigbaar van die plek waar die spreker is: *Oorkant die rivier; oorkant die pad.* In die uitdrukking: *oorkant die seewater,* is die voorwerp nie sigbaar nie, maar die uitdrukking is 'n navolging van *oorkant die rivier,* met die gedagte daarby dat 'n mens eers die see moet oorsteek.

266. **Gretig—begerig—verlangend.**

Aldrie druk 'n sterk neiging uit.

G r e t i g beteken besonder belus of gewillig om iets aan te neem; die woord wek die bygedagte aan honger, waardeur iemand haastig is om aangebode kos te eet: *Die kinders het die bord pap gretig opgeëet.* "Die suk-

kelende kolonie *Wes-Australië was gretig* (sê Dr. Gie in sy geskiedenisboek) „*om die bandiete wat elders geweier werd, as werkvolk te ontvang.*"

V e r l a n g e n d druk 'n uitsien uit na iets wat nog ver is; dit lê ook opgesluit in die grondwoord, die Werkw. *lang,* d.i. die hand uitstrek na iets: *'n Sieke verlang in die winter na die sagte somerweer; die hardwerkende student verlang na die vakansie.*

B e g e r i g is sterk verlangend om in die besit van iets te kom: *Die kind kyk begerig na al die mooi speelgoed in die winkel.*

### 267. Teenwoorlig—teenswoordig—aanwesig—verteenwoordig.

A a n w e s i g druk uit dat iemand of iets hom êrens bevind: *'n Klerk is in sy winkel aanwesig; op 'n stasie is verskeie spoorwegamptenare aanwesig. Boeke, pen en ink is op die tafel aanwesig.*

T e e n w o o r d i g druk ook aanwesigheid uit, maar word alleen vir persone gebruik en met die bygedagte dat iemand getuie van 'n gebeurtenis is of daäraan deelneem: *Iemand is op 'n vergadering teenwoordig, hy is by 'n plegtigheid teenwoordig, hy vereer ons met sy teenwoordigheid by 'n fees.*

T e e n s w o o r d i g is nie 'n sinoniem van *teenwoordig* nie; dit beteken as Bywoord *hede ten dage,* en as Byvoegl. Naamw. *hedendaags*: *Ons lewe teenswoordig stil en rustig. Die teenswoordige mode.*

In sommige uitdrukkinge word *teenwoordig* gebruik min of meer in die sin van *teenswoordig*; so bv. in die grammatikale term: *die Teenwoordige Tyd.* Daär is

'n klein verskil in gevoelswaarde tussen: *die teenwoordige regering*, en die *teenswoordige regering*.

Verteenwoordig beteken teenwoordig deur middel van 'n plaasvervanger: *Die koning was siek en is by die opening van die parlement verteenwoordig deur die kroonprins.*

N.B. *Verteenwoordig* word soms deur onkundiges verkeerd gebruik; so word partykeer op 'n vergadering deur iemand gesê: "Ek was by die fees verteenwoordig," terwyl hyself daar was. Hier behoort hy te sê: "Ek was by die fees teenwoordig."

**268. Houtagtig—houterig.**

Houtagtig beteken: op hout gelykende: *Die houtagtige vesels van die vlasstengels word daaruit verwyder, sodat die lang drade daarvan oorbly.*

Houterig word figuurlik gebruik om 'n eienaardigheid van 'n persoon uit te druk; dit het die betekenis van onhandig, weinig gemaklik in die omgang met mense.

**269. Omslagtig—omstandig.**

Omslagtig het betrekking op iemand se handelwyse; dit dui op 'n enigsins afkeurende manier aan dat hy 'n werk verrig met allerhande onnodige bysake daarby: *Die omslagtige manier waarop die goëlaar sy toestel inmekaar sit, moet dien om die aandag van die toeskouers van sy eintlike kunsgreep af te trek. As my tante koek bak, het sy 'n hele versameling potjies en pannetjies om haar heen; my ma gaan baie minder omslagtig te werk.*

Omstandig het betrekking op die manier waarop iemand vertel of skryf: in 'n omstandige verhaal van 'n gebeurtenis laat die spreker nie die kleinste besonderheid weg nie. In 'n *omslagtige* verhaal daarenteë gebruik die verteller meer woorde en vermeld meer besonderhede as wat nodig is, sodat hy vervelig word.

**270. Bo-op—boonop.**

Bo-op dui 'n posiesie aan bo ander dinge: *Die trofee het bestaan uit 'n voetstuk met trappies en daarop 'n silwertempeltjie met pilare wat 'n koepeldak steun; en bo-op staan 'n engeltjie met 'n basuin.*

Boonop het die betekenis van *bowendien;* dit word gewoonlik gebruik in 'n opsomming van dinge wat iemand doen of wat van iemand verlang word en eindig met iets wat al die vorige in belangrikheid oortref: *Nou wil hulle hê dat ek my werk 'n paar dae in die steek laat en na die stad gaan, vyftig myl ver, dat ek daar al die winkels sal afloop om te sien of die ding wat hulle nodig het daar is, dat ek 'n nag in die hotel moet bly, omdat daar die aand geen trein terug is nie; en dàn wil hulle boonop nog hê dat ek self al die koste sal betaal.*

# REGISTER

(Die syfers wys die nommers aan)

## A.


aanbod 210.
aandagtig 194.
aandenking 19.
aangesig 255.
aanhang 246.
aanhangsel 246.
aankla 261.
aankondig 147.
aanmerking 248.
aanname 220.
aanneming 220.
aansien 18.
aanskyn 18.
aansoek 20.
aanspreeklik 91.
aansyn 18.
aantal 21.
aanvraag 20.
aanwesig 267.
aardkunde 169.
aardrykskunde 169.
abuis 257.
afbreek 203.
afdanking 145.
afdruk 142.
afdruksel 142.
afgeleef 67.
afgryslik 226.
afkeer 8.
afkeur 8.
afkondig 147.
afsigtelik 226.
afsku 8.
afskuwelik 226.
afwisselend 202.
agterlaat 27.
akteur 17.
alledaags 113.
ambag 98.
amp 98.
anderkant 265.
arm 65.
armlik 65.
armoedig 65.


## B.


babbel 140.
babbelaar 109.
baldadig 191.
balhorig 191.
baljaar 170.
bang 5.
bebloed 71.
bed 155.
bedanking 145.
bedding 155.
bedrieg 146.
bedryf 98.
bedrywigheid 99.
beëindig 55.
befaamd 236.
begaaf 193.
begeerlik 64.
begerig 64, 266.
begiftig 193.
begin 225.
beginsel 255.
begroting 46.
bejaard 67.
beken 28.
bekend 236.
bekendmaak 147.

beklaenswaardig 234.
bekwaam 108.
belaglik 199.
belanghebbend 74.
belangrik 73.
belangstellend 74.
belangwekkend 73.
beleef 49.
belemmer 144.
belet 144.
belig 84.
belofte 110.
bely 28.
benard 5.
benoud 5.
beoordeel 249.
bepaal 259.
beperk 259.
berisp 229.
beroemd 236.
beroep 98.
beroering 148.
berou 172.
berug 236.
besending 53.
besigheid 99.
besit 57.
besitting 57.
beskadig 4.
beskeie 49.
beskuldig 261.
besoek 164.
besoeking 164.
besorg 126.
bespotlik 199.
bestraf 230.
betig 261.
betreur 172.
betreurenswaardig 234.
betyds 161.
bevoeg 108.
bevrees 5.
bewondering 143.
bewusteloos 31.
billik 165.
bloederig 71.
bloedig 71.
bod 210.
bos (om die — lei) 146.
boonop 270.
bo-op 270.
boude 244.
boute 244.
breedsprakig 187.
breedvoerig 187.
breek 203.
bring 87.
brutaal 192.
buigbaar 102.
buigsaam 102.
bysiende 214.
bystand 97.
byvoegsel 246.

D.

daarenteë 123.
daeliks 113.
dame 44.
dankbetuiging 145.
deeglik 61.
deerlik 61.
denkbaar 1.
denklik 1.
deursigtig 190.
deurskynend 190.
diensbaar 128.
dienstig 128.
dilettant 183.
dis 215.
dodes 72.
doel 92.
doelmatig 82.
doeltreffend 82.
doen (moeite —) 195.
dokter 233.
dom 41.
donker 151.
dood 72.
doodgaan 69.
doods 72.
dooi 72.
dooierig 72.
dooies 72.

dra 211.
draagbaar 48.
draaglik 48.
droefenis 132.
droefheid 132.
drukfout 186.
drukte 99.
duister 151.
duiwelagtig 162.
duiwels 162.
duur 46.


E.


eerbaar 30.
eerbiedwaardig 60.
eerbiedwekkend 60.
eerlik 30.
eersaam 30.
eervol 30.
eerwaardig 60.
effen 256.
eiendom 57.
eindig 55.
eis 232.
end 131.
ent 131.
erken 28.


F.


flakker 139.
flater 257.
flikker 139.
fop 146.
formaat 11.
fout 257.
fraai 153.


G.


galm 253.
gang 119.
gebruis 253.
gedagtenis 19.
gedienstig 128.
gedruis 253.
gedwee 159.
geëer 30.
geesryk 105.
geestelik 105.
geestig 105.
gegrond 219.
gehug 133.
gelaat 255.
gelate 159.
geldelik 63.
geldig 63.
gelofte 110.
geluid 253.
gemiddel 175.
geneesheer 233.
gepas 252.
geraas 253.
gereeld 116.
gesag 62.
gesag hê 10.
gesag voer 10.
gesels 59.
gesig 255.
gesigspunt 54.
gesigsveld 54.
gesindheid 178.
gesindte 178.
geskil 106.
geskrif 43.
gestadig 240.
getal 21.
gevolg 92.
gierig 95.
goed 33.
goedertieren 33.
goedhartig 33.
goedig 33.
grens 45.

gretig 266.
groei 125.
grondig 219.
groot 76.
grootheid 111.
groots 76.
grootsheid 111.
grootte 111.
gruwelik 226.

H.

haarklowery 227.
haas 251.
hande (in — ) 221.
handwerk 98.
hartelik 152.
hartgrondig 152.
hartig 152.
herdenking 19.
herinner 88.
herinnering 19.
herken 28.
herroep 180.
hinder 144.
hoeveelheid 21.
houtagtig 268.
houterig 268.
huislik 237.
huishoudelik 237.
hulp 97.

I.

in 262.
indagtig 194.
Indiaans 80.
Indies 80.
inlig 185.
innerlik 77.
innig 77.
insamel 262.
inslaan 173.
instemming 135.
inteendeel 123.
intrek 180.
intyds 161.
invorder 262.
inwen 262.
inwendig 77.

J.

jeugdig 78.
jonk 78.

K.

kabbel 140.
kalant 179.
kan 89.
kasty 230.
ken 89, 90.
kerklik 177.
kerks 177.
kinderagtig 103.
kinderlik 103.
kinds 103.
klank 253.
klant 179.
klassiek 136.
klassikaal 136.
kletter 58.
kliënt 179.
knetter 58.
koel 29.
kolleksie 224.
kollekte 224.
kolom 258.
komediant 17.
komponis 183.
kooigoed 155.
kortsigtig 214.
kosbaar 47.
kostelik 47.
koud 66.
koulik 66.
krag 100.

krakeel 106.
krank 68.
kroes 68.
kry 87.
kul 146.
kunsmatig 124.
kunstemaker 216.
kunstenaar 216.
kunstig 124.
kwaad 50.
kwaai 50.
kweek 125.

L.

lagwekkend 199.
lamlendig 6.
land 174.
landman 213.
landsman 213.
lede 212.
ledemate 212.
ledig 3.
leeg 3.
leen 150.
lendelam 6.
lettere 112.
letters 112.
lidmate 212.
ligsinnig 218.
ligvaardig 218.
litte 212.
loën 243.
loënstraf 243.
loflik 34.
lofwaardig 34.
lydelik 56.
lydsaam 56.
lyn 45.

M.

maak (moeite —) 195.
mag 100.
magteloos 40.
medikus 233.
meesteragtig 242.
meesterlik 242.
middelbaar 175.
minag 70.
mis 254.
misdaad 13.
misdruk 186.
moed 200.
moedswillig 149.
moet 200.
mompel 59.
mooi 153.
musikant 183.
musikus 183.

N.

naamloos 23.
nadruklik 86.
nagedagtenis 19.
nalaat 27.
nameloos 23.
natuurlik 228.
navraag 20.
neem 87.
neem (moeite —) 195.
nering 98.
nodeloos 39.
nutteloos 37.

O.

offer 210.
olik 68.
omsigtig 75.
omslagtig 269.
omstandig 269.
onberekenbaar 176.
onbeskaam 26.
onbesorg 104.
onbestuur 22.
onbewus 31.

onbillik 165.
onderbreek 203.
onderhawig 189.
onderhewig 189.
onderskeid 167.
onderskeiding 167.
onderstand 97.
ondersteuning 97.
onenigheid 106.
onewe 121.
ongekunsteld 228.
ongelooflik 184.
ongelowig 184.
ongelyk 121.
ongenoem 23.
ongeoorloof 38.
ongerus 158.
ongesteld 68.
onmagtig 40.
onmeetbaar 93.
onmeétlik 93.
onnodig 39.
onnoembaar 204.
onnoemlik 204.
onnosel 41.
onnut 37.
onpaar 121.
onredelik 165.
onrustig 158.
ontdekking 141.
onthou 88.
ontleen 150.
ontoerekenbaar 176.
ontroering 148.
ontroosbaar 25.
ontrou 24.
ontsag 62.
ontslaap 69.
ontstoke 130.
ontvreem 12.
onverdraaglik 241.
onverdraagsaam 241.
onverstandig 41.
onwaarde (van — ) 63.
onwel 68.
onwetend 41.
onwettig 38.
onwillekeurig 32.
onwillig 32.
oogpunt 54.
oorbodig 222.
oordeel 249.
oordwars 188.
oorhoeks 188.
oorkant 265.
oorly 69.
oorplaas 156.
oorsaak 92.
oortallig 222.
oortollig 222.
oorskry 263.
oortreding 13.
oortree 263.
oortref 263.
oortuig 201.
oorvloedig 222.
openbaar 101.
openlik 101.
ophande 221.
ophef 247.
opheffing 247.
oplig 198.
opmerking 248.
opmerklik 35.
opmerksaam 35.
opraap 198.
opsetlik 149.
opslaan 173.
opsig 120.
op sig 120.
op soek 122.
optel 198.
opvoering 16.
orrelis 182.
orrelspeler 182.
oud 67.
oudagtig 67.
ouderwets 79.
oumodies 79.
oulik 67.

P.

paal 258.
parmantig 192.
passend 252.
pianis 182.

pianospeler 182.
pilaar 258.
pilaster 258.
plukhaar 170.
praat 59.
praatsiek 223.
pragtig 153.
prakseer 107.
praktiseer 107.
prater 109.
predikant 217.
prediker 217.
preker 217.
produkte 14.
produksie 14.
profeteer 94.
profiteer 94.
prysig 47.
publiseer 147.
pyler 258.

R.

rade 118.
rade (met voorbedagte —) 149
raming 46.
rand 208.
rant 208.
rate 118.
ravot 170.
rede 92.
redekaweling 227.
redelik 165.
redeloos 41, 165.
redenaar 109.
reëlmatig 116.
rekbaar 81.
reklik 81.
ridderlik 85.
rinkink 170.
roeping 98.
roering 148.
rof 206.
ru 206.
ruiterlik 85.
rusie 106.
rusteloos 158.

S.

saf 52.
sag 52.
sagmoedig 238.
sagsinnig 238.
sameskool 196.
sending 53.
siek 60.
sieklik 60.
siekerig 60.
skaad 4.
skaamteloos 26.
skatting 46.
skeef 188.
skerp 160.
sketter 138.
skitter 138.
skrif 43.
skuins 188.
skynbaar 205.
slampamp 170.
snedig 160.
snelheid 251.
sneuwel 69.
sodat 115.
so dat 115.
soek 122.
soek (op — ) 122.
soel 29.
sonde 13.
sorgloos 104.
sorgsaam 127.
vorgvuldig 127.
spaarsaam 95.
spoed 251.
spraaksaam 223.
spreek 54.
spreker 109.
stad 133.
stadig 240.
stat 133.

sterf 69.
sterkte 100.
steur 51.
stompsinnig 41.
stoor 51.
straf 230.
strand 174.
stryd 106.
stryery 106.
stuurloos 22.
syfer 21.
suinig 95.
swak 40.
swaksinnig 41.
swang 119.

T.

tabak 245.
tabel 215.
tafel 215.
teë 207.
teel 125.
teen 207.
teensin 8.
teenspraak 9.
teenspreek 250.
teenstand 7.
teenswoordig 267.
teenwerping 9.
teenwoordig 267.
terugroep 180.
terugtrek 180.
tevrede 201.
timbre 253.
toedrag 181.
toelig 185.
toestand 181.
toestemming 135.
toneelspeler 17.
toon 253.
toor 197.
tors 211.
tower 197.
troosteloos 25.
troueloos 24.
tydelik 161.
tydig 161.
tugtig 230.
twak 245.
tweedrag 106.
twis 106.

U.

uitdelg 163.
uitdruklik 86.
uiterlik 77.
uitgebrei 260.
uitgestrek 260.
uitvinding 141.
uitvindsel 141.
uitvoerig 187.
uitvoering 16.
uitwendig 77.

V.

val 69.
vanpas 252.
vat 87.
verag 70.
verantwoordelik 91.
verbaas 134.
verbou 125.
verbreek 203.
verdelg 163.
vereffen 256.
vereis 209.
vergader 196.
vergelyk 129.
vergelyking 129.
vergenoeg 201.
vergissing 257.
verheffing 247.
verhewenheid 247.
verhinder 144.
verkiesbaar 36.
verkieslik 36.
verlaag 114.

verlangend 266.
verleen 150.
verlig 84, 198.
vermaan 229.
vermis 254.
vermoë 100.
verneder 114.
verneuk 146.
verniel 163.
vernietig 163.
veroordeel 249.
veroorsaak (moeite —) 195.
verootmoedig 114.
verplaas 156.
versamel 196.
versending 53.
versigtig 75.
verskeie 168.
verskil 106, 167.
verskillend 168.
versoek 235.
versoeking 235.
versorg 126.
verstandeloos 41.
verstandelik 42.
verstandig 42.
versteld 134.
verstoke 130.
verstoor 51.
verteenwoordig 267.
vertroubaar 166.
vertroud 166.
vervang 156.
vervreem 12.
verwoes 163.
verwonder 134.
verwondering 143.
verys 209.
violis 182.
vioolspeler 182.
vissery 171.
visvangs 171.
volledig 137.
voltallig 137.
voorhande 221.
voorstel 239.
voorstelling 239.
vooruitgaan 231.
vorder 231, 232.
vorm 11.
vorme 147.
vorms 147.
vraag 20.
vreesagtig 5.
vrek 69.
vrekkig 95.
vrindelik 2.
vrindskaplik 2.
vrou 44.
vrymoedig 192.
vrypostig 192.
vyandelik 15.
vyandig 15.


W.


waagskaal 264.
waardeloos 37.
waarskynlik 205.
wandaad 13.
wandel 154.
wandeling 154.
waternood 117.
watersnood 117.
weegskaal 264.
weerlê 250.
weerspreek 250.
weerstand 7.
weet 90.
welbespraak 223.
wellewend 49.
welsprekend 223.
wêreldlik 96.
wêrelds 96.
werk 98.
wetlik 83.
wetteloos 38.
wetties 83.
wettig 83.
wisselvallig 202.
worsteling 106.
wydlopig 187.

By die Uitgewers J. L. van Schaik, Bpk., het ook verskyn:

*VAN MAERLANT TOT BOUTENS.* Bloemlesing uit de Nederlandse Poësie, saamgestel deur Dr. S. P. E. Boshoff en Dr. G. Dekker ... ... ... ... ... ... ... 12/6

*EERSTE SKRYWERS,* laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners deur G. R. von Wielligh ... 5/9

*LETTERKUNDIGE LEESBOEK,* met 'n historiese Inleiding oor die ontstaan en die lektuur van die Eerste en Twede Taalbeweging deur Dr. M. S. B. Kritzinger en A. K. Bot, derde druk ... ... ... ... ... ... 7/6

*ONS JONGSTE LETTERKUNDE.* Bloemelsing uit die Nuwer Afrikaanse Werke deur Dr. M. S. B. Kritzinger ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 4/6

*DIE OPSTANDINGSMOTIEF BY VONDEL*

deur Dr. M. S. B. KRITZINGER.

Die studie bevat 'n paar inleidende hoofstukke waarin gewys word op die uitstaande kenmerke van Vondel se kuns. b.v. die godsdienstige en sedelike.

Die verskillende "drama's van opstand" soos *Lucifer* en *Adam in Ballingschap* word uitvoerig behandel.

Vir die onderwyser wat Vondel in die middelbare skole moet behandel, sal die boek uitstekende dienste bewys.

*AFRIKAANSE SPREEKWOORDE.* Die betekenis verklaar en van Engelse ekwiwalente voorsien deur De Villiers, Kritzinger en Pienaar ... ... ... ... ... ... 4/6

*ONS GESELSTAAL.* 'n Oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word. Deur G. R. von Wielligh ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 10/6

*HANDELS-AFRIKAANS.* Styloefeninge en Handelskorrespondensie vir gebruik by Handels- en Siviele-diens-eksamens. Deur E. Botes, M.A., en J. A. K. de Lange, B.Econ. ... ... ... ... ... ... ... ... ... 5/6

*THE LANGUAGE MEDIUM QUESTION.* The relation between language and thought as illustrated by the experience of teaching through a foreign medium, by C. H. Schmidt, M.A., B.Litt. (Oxon), Lecturer in Psychology, Grey University College, Bloemfontein 5/-

Twee van die mooiste Boeke wat nog in Afrikaans het:

# Kees van die Kalaharie,

deur G. S. en S. B. HOBSON met illustrasies van W. M. TIMLIN.

'n Resensent skryf:

„Ek is 'n kind van die natuur en van die Noord-Weste en U beskrywing daarvan is meesterlik en trou aan die waarheid. Dis nou die eerste meesterstuk in ons S.A. letterkunde wat verskyn na Sangiro. Dis 'n juweeltjie!"

„Ons het hier te doen met 'n werkie waardeur ons letterkunde verryk is! Vir Kees van die Kalaharie voorspel ek dan ook 'n skitterende loopbaan."—(*Dr. Kritzinger in Die Volkstem*).

„Die skrywer moet 'n wonderlik diepgaande studie van die Kalaharie-woestyn en sy inwoners gemaak het. Hierdie boek sal 'n blywende plek in ons Afrikaanse letterkunde behou."—(*Die Kerkbode.*)

# Op Safari

deur SANGIRO.

Met tekeninge van H. A. Achenborn.

Prys 4/6.

Sangiro se prosa is 'n genot.

Die mees boeiende hoofstukke in die boek betref die beskrywing van die dierelewe in die Ngorongokrater, orals deur hoë en steile bergkranse ingesluit. Wanneer Sangiro die aandoenings weergee, wat daardie merkwaardige stuk primitiewe „dorado" by dag of by nag op hom gemaak 't, kom die skrywer se superieure vertelkuns helemaal tot sy reg en verheug die leser hom in die feit hoe ons Afrikaanse literatuur ook op hierdie gebied eersteklas werk gelewer het.

---

J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA.

By die Uitgewers J. L. VAN SCHAIK, BEPK., het verskyn :

# GIEL OOL

## en ander verhale uit Boesmanland

deur E. DE ROUBAIX.

Prys 5/-.

,,As die werk van een van ons mees humoristiese skrywers en raakste tekenaars van die egte volkslewe, sal dit maklik sy weg vind."

—(*Die Burger*).

,,Here we have simple, yet pathetic pictures of the daily life of the denizens of this remote and friendless region. This book will find many readers.'" —(*R. D. Mail*).

"Ons is dankbaar om 'n boek te hê waarin die lewe van die eensame en selfstandige semi-woestynbewoners met 'n simpatieke pen beskrywe word."

—(*Kerkbode*).

J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA.